

Veerkrachtigheidskenmerke van Gesinne met 'n Adolessente Middelmisbruiker

Roxanne Masters

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en
Sosiale Wetenskappe (Sielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Prof. A.P. Greeff

Desember 2014

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is, en dat ek die enigste skrywer hiervan is (tensy anders vermeld), dat die produksie en publikasie hiervan deur die Universiteit van Stellenbosch nie enige derde party se regte sal skaad nie en dat hierdie tesis nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Datum: 26 November 2014

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Dit gebeur gereeld dat gesinne gedurende een of ander ontwikkelings stadium met 'n krisis gekonfronteer word. So sal die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in 'n gesin op moontlike gesinskrisisse dui. Die meerderheid studies fokus op die negatiewe implikasies van middelmisbruik (Fisher, Parry, Evans, Muller, & Lombard, 2003; Parry et al., 2004). Navorsers het egter onlangs begin weg beweeg vanaf die patogeniese benadering na 'n meer sterkte-gebaseerde benadering. Die doel van hierdie studie was dus om ondersoek in te stel na faktore wat geassosieer kan word met gesinsaanpassing in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker. Gegee die kompleksiteit van veerkragtigheid is die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1988) in hierdie studie geoperasionaliseer om veranderlikes te identifiseer wat met gesinsveerkragtigheid geassosieer kan word. 'n Kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is gebruik om data vanuit 'n doelgerigte steekproef van 50 gesinne woonagtig in die Wes-Kaap, Suid-Afrika in te samel. Om vir die effek van geslag te kontroleer, is ma's aangemoedig om namens die gesinne as verteenwoordigers aan die studie deel te neem. 'n Biografiese vraelys en ook sewe selfbeskrywingsvraelyste is deur elke deelnemer voltooi. Vir die kwantitatiewe data is Pearson produkmoment-korrelasies bereken om te bepaal watter onafhanklike veranderlikes (gesinsfaktore) met die afhanklike veranderlike (gesinsaanpassing) verband hou. 'n Beste substel regressieontleding is gedoen om die liniêre kombinasie van gesinskenmerke (voorspellers) wat maksimaal met gesinsaanpassing (uitkomsveranderlike) korreleer, te bepaal. Tematiese ontleding is in die kwalitatiewe data-ontleding gebruik om patrone of temas binne die kwalitatiewe data te identifiseer. Die resultate dui daarop dat die vlak van gesinsaanpassing beter is hoe hoër die ondersteunende patrone van kommunikasie in die gesinseenheid is; en dat die vlak van gesinsaanpassing laer is hoe meer opruierende patrone van kommunikasie in die gesin

teenwoordig is. Verder dui die resultate ook aan dat gesinsgehardheid, die mate van probleemoplossings- en gedragstrategieë wat die gesin gedurende krisisse gebruik, en die gebruik en handhawing van verskillende roetines en aktiwiteite ook gesinsaanpassing fasiliteer. Die kwalitatiewe resultate dui daarop dat spiritualiteit of geloof, ondersteuning van die uitgebreide familie, vriende of bure, duidelike positiewe gesinskommunikasie, die behoud van hoop en 'n positiewe uitkyk, en aanvaarding van die adolessent as deel van die gesin die meeste tot gesinsaanpassing bygedra het. Die bevindinge kan nuttig gebruik word om begrip te verbeter van kwaliteite wat gesinne help om aan te pas. Intervensies en dienste wat op hierdie bevindinge gebaseer is, behoort 'n betekenisvolle bydra te lewer in die aanpassing van gesinne wat hulle in soortgelyke omstandighede bevind. Die studie is nie net belangrik om die kennisbasis oor gesinslewe in hierdie ontwikkelingsfase te verbreed nie, maar ook om 'n leemte in bestaande navorsing aan te vul.

SUMMARY

Families are often confronted with some type of crisis during their family life cycle, and the presence of an adolescent substance abuser in the family could result in a family crisis. Most studies focus on the negative implications of substance abuse (Flisher, Parry, Evans, Muller, & Lombard, 2003; Parry et al., 2004). More recently, however, researchers have begun to move away from the pathogenic approach to a more strengths-based approach. Therefore the aim of this study was to investigate which factors are associated with family resilience in families with an adolescent substance abuser. Given the complexity of resilience, the Resiliency Model of Family Stress, Adjustment and Adaptation (McCubbin & McCubbin, 1988) was operationalised in this study to identify which variables could be associated with family resilience. A combination of quantitative and qualitative methods were used to gather data from a convenience sample of 50 families drawn from the Western Cape, South Africa. In order to control for gender effects, mothers who had in their families an adolescent substance abuser were encouraged to represent their respective families. A biographical questionnaire and seven quantitative self-report questionnaires were completed by each participant. Pearson product-moment correlations were calculated for the quantitative data in order to determine which independent variables (family factors) were associated with the dependent variable (family adaptation). A best-subsets multiple regression analysis was done to determine the linear combination of family characteristics (indicators) that correlates maximally with family adaptation (outcome variable). Thematic analysis was used to identify patterns or themes within the qualitative data during the qualitative data analysis. The results indicate that the level of family adaptation is better the higher the supportive patterns of communication in the family unit; and that the level of family adaptation is lower the more negative communication patterns are present. The results also indicate that family hardiness, the degree to which families use problem-solving and behaviour strategies during crises, and

the use and maintenance of different routines and activities facilitate family adaptation. The qualitative results indicate that spirituality or religion, support from extended family, friends or neighbours, clear positive family communication, maintaining hope and a positive outlook, and the acceptance of the adolescent as part of the family contribute the most to family adaptation. The findings of this study could be used to improve the understanding of qualities that help families to adapt, and interventions and services based on these results may provide a meaningful contribution in the adaptation of families who find themselves in similar situations. This study not only is important to broaden the current literature on family resilience in this development phase, but also to help fill the void in current research.

BEDANKINGS

Hiermee wil ek graag my dank betuig en erkenning gee aan die volgende persone:

Eerstens, wil ek ons Almagtige God en Hemelse Vader bedank. Dankie vir die krag, doelgerigheid, uithouvermoë en al U seënige wat my aangespoor het om die eindpunt te bereik. Alle lof en eer kom U toe.

Dankie aan die gesinne wat aan die studie deelgeneem het. Baie dankie vir julle samewerking en bereidwilligheid. Sonder jul insette sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

Baie dankie aan die maatskaplike werkers van SANRA, die ACVV, en die hoof-ouderling van VGK Eersterivier-Suid vir die identifisering van moontlike deelnemers en vir die fasilitering van kontak met hierdie gesinne.

'n Spesiale dankie aan my studieleier, professor A.P. Greeff. Dankie vir die aanmoediging, leiding, geduld, en waardevolle insette tot die studie. U leiding rakende die navorsingsmetode, die beplanning, en uitvoering daarvan, sowel as die opskryf daarvan, beteken vir my oneindig baie.

Professor M. Kidd, dankie vir die statistiese verwerking van die data en die verduideliking daarvan wat baie onsekerhede uit die weg geruim het.

My ouers, skoonouers, familie en vriende. Baie dankie vir jul liefde, ondersteuning, gebede, en belangstelling. Alle insette, groot of klein, word opreg waardeer. Dankie vir jul geloof in my.

Laastens, maar nie die minste, my liewe man, Conwill. Baie dankie vir jou eindelose liefde, ondersteuning en bemoediging gedurende hierdie studie. Jou geloof in my beteken vir my oneindig baie. Ek waardeer jou belangstelling en motivering, en die insette wat jy gelewer het.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Verklaring.....	ii
Opsomming.....	iii
Summary.....	v
Bedankings.....	vii
Inhoudsopgawe.....	viii
Lys van Tabele.....	xii
Lys van Figure.....	xiii
1. INLEIDING TOT, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK	
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Motivering vir die Onderzoek.....	3
1.3 Doelstelling van die Onderzoek.....	4
1.4 Konsepte en Begripsomskrywings.....	6
1.4.1 Gesinsveerkragtigheid.....	6
1.4.2 Adolessensie.....	6
1.4.3 Middelmisbruik.....	6
1.4.4 Gesin.....	7
1.5 Indeling van die Studie.....	7
2. TEORETIESE GRONDSLAG.....	8
2.1 Inleiding.....	8
2.2 Veerkragtigheid.....	9
2.3 Die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling, en Aanpassing.....	12
2.3.1 Die Verstellingsfase in Gesinsveerkragtigheid.....	16
2.3.2 Die Aanpassingsfase in Gesinsveerkragtigheid.....	17
2.4 Ander Modelle wat verband hou met Veerkragtigheid.....	21

2.4.1 Die Kognitiewe Beoordelingsmodel (Cognitive Appraisal).....	21
2.4.2 Die Circumplex-Model.....	22
2.4.3 'n Proses-Model van Gesinsveerkragtigheid.....	23
2.5 Samevatting.....	25
3. LITERATUURSTUDIE.....	27
3.1 Inleiding.....	27
3.2 Faktore wat verband hou met Gesinsveerkragtigheid.....	30
3.2.1 Gesinsgeloofsisteme.....	30
3.2.1.1 Om sin te maak van teenspoed.....	30
3.2.1.2 Positiewe uitkyk.....	33
3.2.1.3 Spirituele of inspirerende verbintnisse.....	34
3.2.2 Gesinsorganisasie Patrone.....	35
3.2.2.1 Buigsame struktuur.....	35
3.2.2.2 Kohesie.....	36
3.2.2.3 Sosiale en ekonomiese hulpbronne.....	37
3.2.3 Kommunikasie en Probleemoplossingsprosesse.....	37
3.2.3.1 Duidelikheid, emosionele uitdrukking, en gesamentlike probleemoplossing.....	37
3.3 Samevatting.....	39
4. METODE VAN ONDERSOEK.....	41
4.1 Inleiding.....	41
4.2 Probleemstelling.....	41
4.3 Navorsingsbenadering.....	42
4.4 Navorsingsontwerp.....	42
4.5 Deelnemers.....	43
4.6 Meetinstrumente.....	47
4.6.1 Family Attachment and Changeability Index 8 (FACI8).....	47

4.6.2 Family Hardiness Index (FHI).....	48
4.6.3 Social Support Index (SSI).....	49
4.6.4 Family Crisis Oriented Personal Evaluation Scales (F-COPES).....	49
4.6.5 Family Problem Solving Communication (FPSC).....	50
4.6.6 Relative and Friend Support Index (RFS).....	51
4.6.7 Family Time and Routine Index (FTRI).....	51
4.7 Procedure.....	52
4.7.1 Data-insameling.....	52
4.7.2 Etiese beginsels.....	53
4.7.3 Kodering van data.....	55
4.8 Data-ontleding.....	55
4.9 Samevatting.....	56
5. RESULTATE.....	57
5.1 Inleiding.....	57
5.2 Kwantitatiewe Resultate.....	57
5.2.1 Verspreidingsdiagramme.....	60
5.2.2 Regressie-ontleding.....	65
5.3 Kwalitatiewe Resultate.....	68
5.4 Samevatting.....	71
6. BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS.....	73
6.1 Inleiding.....	73
6.2 Bespreking.....	73
6.2.1 Kommunikasie in die gesin.....	73
6.2.2 Gesinsgeloofsisteme.....	75
6.2.3 Gesinsorganisasiepatrone.....	77

6.2.4 Gesinsgehardheid en -kohesie.....	78
6.3 Gevolgtrekking.....	79
6.4 Beperkings en Aanbevelings.....	81
VERWYSINGSGLYS.....	83
BYLAE.....	94
Bylae A: Inwilliging om Deel te Neem aan Navorsing.....	94
Bylae B: Biografiese Vraelys.....	97
Bylae C: Selfvoltooiingsvraelyste.....	101

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1 Biografiese Gegewens van die Deelnemers en hul Gesinne (N = 50).....	46
Tabel 5.1 Pearson Produk-Moment Korrelasies tussen Moontlike Veerkrachtigheidsveranderlikes en Gesinsaanpassing (FACI8) (N = 50).....	58
Tabel 5.2 Resultate van die Beste Substel Regressie-ontleding (N = 50).....	66
Tabel 5.3 Gesinsveerkrachtigheidstemas op Grond van 'n Tema-ontledingsproses (N = 50)....	69

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Die ABCX-Model van Gesinstres (McKenry & Price, 1994).....	13
Figuur 2.2 Die Dubbele ABCX-Model (aangepas uit Plunkett, Sanchez, Henry, & Robinson, 1997).....	14
Figuur 2.3 Die Verstellingsfase van die Veerkrachtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling, en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996).....	17
Figuur 2.4 Die Aanpassingsfase van die Veerkrachtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling, en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996).....	18
Figuur 5.1 Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en ondersteunende patrone van kommunikasie soos gemeet met die Family Problem-Solving and Coping (FPSC) skaal.....	61
Figuur 5.2 Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en opruiende patrone van kommunikasie soos gemeet met die Family Problem-Solving and Coping (FPSC) skaal.....	62
Figuur 5.3 Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en gesinsgehardheid soos gemeet met die Family Hardiness Index (FHI: Totaaltelling).....	63
Figuur 5.4 Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin gedurende krisisse soos gemeet met die Family Crises Oriented Personal Evaluation Scale (F-COPES: Totaaltelling).....	64
Figuur 5.5 Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en die gebruik en handhawing van verskillende roetines (Family Time & Routine Index [FTRI: Totaaltelling].....	65

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLING VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding

Die meerderheid gesinne word gedurende een of ander gesinsontwikkelingstadium met 'n krisis gekonfronteer. James en Gilliland (soos aangehaal in Payne, 2005) definieer 'n krisis as 'n persepsie of ervaring van 'n gebeurtenis of situasie as 'n ondraaglike moeilikheid wat 'n persoon (of gesin) se huidige hulpbronne en hanteringsmeganismes oorskry. Die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in 'n gesin dui moontlik op so 'n krisis. So 'n tipe van krisis noodsaak dikwels dat daar veranderinge in die gesinsisteem rakende sekere aspekte soos sleutelverhoudings tussen gesinslede, gesinsleefstyl, en gesinswaardes teweeg gebring word (Lee et al., 2002).

Die ontwikkelings stadium tussen die kinderjare en volwassenheid staan bekend as adolessensie (Louw, 1994). Volgens Meyer (2005) strek hierdie stadium vanaf 12-jarige ouderdom en word dit dikwels as 'n stormagtige periode geklassifiseer. Voorafgaande word deur Hayes (1996) bevestig wanneer hy rebelsheid en emosionele onstabieliteit as kenmerke van hierdie periode beskryf. Volgens hom word die adolessent gesien as 'n persoon gekenmerk deur veranderende gemoedstoestande wat ouerlike outoriteit verwerp en dit met die outoriteit van die portuurgroep vervang. Hierdie kenmerke van die adolessent kan dikwels 'n rol speel in middelmisbruik.

Verskeie negatiewe fisiese, sielkundige, en sosiale gevolge word met middelmisbruik geassosieer (Flisher et al., 2003; Parry et al., 2004) Hierdie gevolge sal noodwendig implikasies vir die hele gesin inhou en daarom fokus die meeste gesinstudies op die effek van

middelmisbruik op die individu en die gesin, terwyl daar 'n beperkte fokus is op hoe gesinne veerkragtigheid tydens hierdie tipe krisis ontwikkel (Saatcioglu, Erim, & Cakmak, 2006).

Fisher en Harrison (2005) beskryf ko-afhanklikheid binne die konteks van wanneer 'n siekte ontstaan in elke gesin/familie waar middelmisbruik 'n probleem vir 'n spesifieke lid of lede is. Ko-afhanklikheid het sy eie fisiese manifestasies en is 'n behandelbare siekte. Dit is 'n emosionele- en gedragspatroon van interaktiewe hantering van middelmisbruik en kom voor in elke lid van die gesin wat in kontak met die misbruiker is. Die voorkoms van ko-afhanklikheid in 'n gesin maak dit soms moeilik om te bepaal wat die hoofprobleem is en watter probleem watter een voorafgegaan het. Ko-afhanklikheid kan ook die hoofprobleem, soos middelmisbruik, verbloem (Visser, 2007). Daarom is dit belangrik om op daardie eienskappe wat 'n gesin as sterktes beskou, ag te slaan, en wat daardie faktore is wat hulle help om beter by hul omstandighede aan te pas.

Ten tyde van 'n krisis mag die herstel van die gesin deur gesinsprosesse wat aanpassing ondersteun gefasiliteer word – 'n fokus waarna verwys kan word as gesinsveerkragtigheid (Walsh, 2003). Gesinsveerkragtigheid behoort daarom tot die beter hantering van 'n middelmisbruik-krisis by te dra. Gevolglik is die doel van hierdie navorsing om veranderlikes wat geassosieer kan word met veerkragtigheid in gesinne met 'n adolessente kind wat middels misbruik te identifiseer asook om te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om as 'n gesin te bly funksioneer en deurlopende stressors te hanteer. Die bevindinge sal deur navorsers en diensverskaffers gebruik kan word om toepaslike intervensieprogramme en -strategieë te ontwerp ten einde daardie veerkragtigheidskenmerke soos in gesinne geïdentifiseer, te ontwikkel binne ander gesinne wat dit moeilik vind om aan te pas terwyl 'n adolessente kind middels misbruik.

1.2 Motivering vir die ondersoek

Die motivering om hierdie ondersoek te doen berus op twee aspekte. Eerstens, die vinnige en dramatiese sosiale veranderinge die afgelope dekades ten opsigte van gesinslewe wat gelei het tot die huidige diversiteit in gesinstrukture en -vorme (Kandel, 1980). Voorafgaande gaan byvoorbeeld gepaard met die klem op individualiteit, veranderinge in morele waardes, gebrek aan gesinsreëls en -grense, nuwe sosiale rolle en veranderinge in verwagtinge. Tweedens, die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in 'n gesin het 'n impak op die gesin se funksioneringspatrone (Liepman, Silvia, & Nirenberg, 1989). Voorgenoemde saamgevat, ondervind 'n gesin dit moeilik om hul balans met die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker te herwin; gedeeltelik as gevolg van die radikale veranderinge in die omstandighede rondom gesinslewe wat nuwe reëlins van ouers vereis ten einde die toenemende eise wat 'n kind met probleemgedrag stel, te akkommodeer (Conger & Conger, 2002).

Die ontwikkelingsoorgang van kind na adolessent dui op 'n sleuteloorgang in die gesinslewenssiklus. Dikwels is hierdie periode 'n tyd van afwagting en vreugde wat vergesel word van talryke stressors wat, tensy opgelos of beter hanteer word, kan lei tot 'n wanbalans in die gesinsisteem wat alle ander aspekte en domeine van funksionering beïnvloed (Walsh, 2003). Samevattend, veranderde norme in die samelewing, konflikte en onsekerhede in die gesin ten opsigte van die ontwikkelingstake van die adolessent en portuur affiliasies, kombineer om die oorgang na adolessensie 'n stresvolle en uitdagende tyd in die lewe van 'n gesin te maak.

Die SACENDU-projek (South African Community Epidemiology Network on Drug Use) is 'n moniteringsstelsel vir alkohol en ander dwelmmiddels wat tans in al nege provinsies in Suid-Afrika in werking is (Dada et al., 2012). SACENDU monitor tendense in alkohol en

dwelmgebruik asook gepaardgaande gevolge op 'n sesmaandelikse basis op grond van data verkry met behandeling-opnames tydens spesialis alkohol- en dwelmmiddelbehandelings-programme. Volgens SACENDU (Dada et al., 2012) is die volgende statistieke vir die periode Julie tot Desember 2011 verkry: In die Wes-Kaap is die mees algemene primêre middels wat misbruik word metamfetamien, alkohol, dagga, en heroïen. Die misbruik van metamfetamien het verhoog tot 39% in vergelyking met die vorige moniteringsperiode se 35%. Altesaam 2733 pasiënte is by die 23 behandelingsentrums van die Wes-Kaap vir alkohol en/of dwelmmisbruik behandel; 429 van die pasiënte was adolessente (dus volgens die SACENDU-projek, persone jonger as 20 jaar). Hierdie totaal is minder as die vorige sewe jaar se statistieke (Dada et al., 2012). Dit is egter belangrik om daarop te let dat bogenoemde statistieke slegs op daardie middelmisbruikers dui wat behandeling ontvang het, en nie diegene insluit wat nie in behandelingsentrums opgeneem is nie.

Gegee voorafgaande aspekte word die behoefte vir navorsing oor gesinsveerkragtigheid in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker al meer nodig en belangrik. Die oogmerk van hierdie studie is dus om faktore wat met gesinsveerkragtigheid geassosieer word te identifiseer en te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om deurlopende stressors te hanteer en as 'n gesin te bly funksioneer. Die studie is nie net belangrik om die kennisbasis oor gesinslewe in hierdie ontwikkelingsfase te verbreed nie, maar ook om 'n leemte in bestaande navorsing te vul.

1.3 Doelstelling van die ondersoek

Die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in 'n gesin verteenwoordig aansienlike veranderinge en probleme in gesinsfunksionering (Walsh, 2003). Middelmisbruik gaan dikwels saam met verskeie kwessies wat, indien onopgelos, kan lei tot wanaanpassing in die gesin as geheel (Bartle & Sabatelli, 1989). In hierdie studie is ondersoek ingestel na

faktore wat met gesinsaanpassing geassosieer kan word in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker. Met ander woorde, kwaliteite wat gesinne help om aan te pas by die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in die gesin is geïdentifiseer. Bevindinge kan gebruik word om die kwaliteite wat gesinne help om aan te pas, te begryp en te verbeter en die intervensies en dienste wat op hierdie bevindinge gebaseer is behoort verder 'n betekenisvolle bydrae in die aanpassing van gesinne wat hulle in soortgelyke omstandighede bevind te lewer.

Alhoewel die studie van veerkragtigheid aanvanklik op individue gefokus het, is literatuur oor gesinsveerkragtigheid toenemend beskikbaar (Hawley, 2000). Navorsing oor gesinsveerkragtigheid binne die Suid-Afrikaanse konteks is egter redelik beperk. Die navorsingsvraag vir hierdie studie is: Watter faktore kan met die aanpassing van gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker geassosieer word? Voortvloeiend uit die navorsingsvraag is die primêre doelstellings van hierdie studie:

- Om binne die Suid-Afrikaanse konteks kenmerke wat geassosieer kan word met veerkragtigheid in gesinne waar 'n adolessent 'n middelmisbruiker is te identifiseer.
- Asook om te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om as 'n gesin te bly funksioneer en deurlopende stressors te hanteer.

Die sekondêre doelstelling wat uit die primêre doelstellings voortspruit is:

- Om vas te stel watter kombinasie van die geïdentifiseerde kenmerke die beduidendste bydrae tot gesinsaanpassing lewer.

1.4 Konsepte en begripsomskrywings

1.4.1 Gesinsveerkragtigheid

Gesinsveerkragtigheid word na verwys as daardie sleutelprosesse wat gesinne in staat stel om tydens krisisse of aanhoudende stressors sterker te word – binne of buite die gesin – asook om meer effektiewe hanteringsvermoëns te ontwikkel (Walsh, 2003). McCubbin en McCubbin (1988) definieer gesinsveerkragtigheid as die kenmerke, dimensies en eienskappe van gesinne wat hul daardie gesinne tydens die ervaring van verandering en aanpassing in krisissituasies help om weerstandig teen ontwingting te wees.

1.4.2 Adolessensie

Adolessensie word as die “oorgangperiode tussen die kinderjare en vroeë volwassenheid” (Meyer, 2005, p.151) gedefinieer en is die periode tussen 12-jarige en 22-jarige ouderdom. Hierdie periode word in twee fases verdeel naamlik, vroeë-adolessensie en laat-adolessensie. Vroeë-adolessensie neem op 12-jarige ouderdom in aanvang en eindig op 18-jarige ouderdom, terwyl laat-adolessensie op 18-jarige ouderdom begin en op 22-jarige ouderdom eindig (Meyer, 2005). Vir die doel van hierdie studie sal daar slegs na adolessensie as die periode tussen 12- en 22-jarige ouderdom verwys word.

1.4.3 Middelmisbruik

Middelmisbruik word beskryf as die herhaalde of aanhoudende behoefte om alkohol of dwelmmiddels te gebruik (Fisher & Harrison, 2005). Middelmisbruik word ook volgens Visser (2007) gedefinieer as die herhaalde gebruik van dwelmmiddels wat tot toleransie, en sielkundige en fisiese afhanklikheid lei.

1.4.4 Gesin

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word 'n gesin as 'n eenheid van mense wat deur genetiese bande verbind word gedefinieer (Corbett, 2004). Verder beskryf Patterson (2002) 'n gesin as twee of meer persone met 'n sekere patroon of verhouding tussen hulle. Dus, vir die doel van hierdie studie verwys 'n gesin na twee of meer persone wat verwant is, in verhouding is met mekaar, en in een huishouding woonagtig is.

1.5 Indeling van die studie

Hoofstuk 2 handel oor 'n gesinsveerkragtigheidsteorie wat in hierdie studie geoperasionaliseer word om veranderlikes wat geassosieer kan word met gesinsaanpassing te identifiseer. Dus word die teoretiese grondslae waarop die studie gebaseer is bespreek, tesame met 'n uiteensetting van begrippe en veranderlikes wat met gesinsveerkragtigheid verband hou.

In hoofstuk 3 word 'n oorsig van verwante literatuur wat verband hou met verskeie veerkragtigheidskenmerke in gesinne bespreek. Die navorsingsmetodologie en prosedures wat tydens hierdie studie gevolg is, word in hoofstuk 4 beskryf. Die hoofstuk sluit 'n bespreking in rakende die deelnemers, die meetinstrumente gebruik, sowel as die statistiese tegnieke wat vir data-ontleding gebruik is.

Die resultate van die data-ontledings word in hoofstuk 5 gerapporteer. Dit behels beide kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate met gepaardgaande tabelle en figure. Laastens in hoofstuk 6, word die resultate met teorieë en literatuur wat in hierdie studie gerapporteer is vergelyk. Die hoofstuk sluit af met 'n samevatting van die studie, sowel as die beperkinge van die studie en aanbevelings vir toekomstige navorsing.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE GRONDSLAG

2.1 INLEIDING

Die fokus op 'n patogeniese benadering in die literatuur het die afgelope paar dekades na 'n meer sterkpunt-gebaseerde benadering verskuif. Gesondheids- en sosiale wetenskappe is aanvanklik as behandelingsgerig gekenmerk, en het nie op voorkoming en bemagtiging gefokus nie. Die patogeniese benadering het beperkte ruimte gehad deurdat dit hoofsaaklik op afwykings en hoe om daardie afwykings te behandel gefokus het. 'n Persoon was óf gesond óf siek (Antonovsky, 1979; Barnard, 1994; Hawley & DeHaan, 1996; Strümpfer, 1990).

In teenstelling met bogenoemde benadering het Antonovsky (1979) 'n benadering wat op gesondheid eerder as siekte fokus voorgestel, en het hierdie benadering die salutogenese paradigma genoem. Die term salutogenese beteken letterlik oorsprong van gesondheid deurdat dit vanaf die Latynse woorde, *saluto* wat gesondheid beteken, en *genesis* wat oorsprong beteken afkomstig is. Die konsep van salutogenese skep 'n multidimensionele kontinuum wat tussen twee pole versprei is – volmaakte gesondheid en volmaakte ongesteldheid. Deur hierdie benadering te volg, is dit moontlik om daardie faktore te identifiseer wat 'n persoon vanaf een punt op die kontinuum na die ander punt kan laat beweeg.

Verder het sosiale wetenskaplikes gedurende die sewentigs vroeë gevra en verduidelikings gesoek oor waarom sekere persone gesond bly tydens teenspoed en ander nie (Patterson, 2002). Hierdie tipe van vraagstelling het die grondslag vir nog 'n skuif in konseptualisering

gelê: die skuif vanaf 'n model van tekortkominge na 'n veerkragtigheidsmodel wat op die begrippe veerkragtigheid en aanpassing fokus (Hawley & DeHaan, 1996). Gesinsveerkragtigheid neem hierna 'n salutogenese benadering aan deurdat dit erkenning gee dat gesinne oor die inherente vermoë beskik om enige krisis te hanteer, vanuit 'n krisis kan groei, en konstruktief kan verander (Hawley, 2000; Walsh, 2003).

Na aanleiding van bogenoemde verwikkelinge bied hierdie hoofstuk 'n oorsig oor die geskiedenis en ontwikkeling van die konsep van veerkragtigheid, en meer spesifiek, gesinsveerkragtigheid. Hierdie hoofstuk bied ook 'n opsomming van huidige gesinsveerkragtigheidsmodelle en -raamwerke.

2.2 VEERKRAGTIGHEID

Die afgelope paar dekades het die fokus in gesinsielkunde toenemend vanaf gesinstekorte na gesinsterktes verskuif (Walsh, 2003) en het gesinsnavorsers meer op veerkragtigheid gefokus. Veerkragtigheid word op verskeie wyses beskryf en gedefinieer, maar alle definisies bevat dieselfde gemeenskaplike elemente. Vroeëre studies het gefokus op persoonlike eienskappe geassosieer met veerkragtigheid. Veerkragtigheid is as 'n aangebore of verworwe hanteringsmeganisme wat deur die individu as 'n buffer teen stres gebruik word beskou (Walsh, 2002).

Hawley en DeHaan (1996) reken dat veerkragtigheid as 'n resultaat van moeilikheid en probleme ontstaan. Verder het veerkragtigheid ook 'n terug-bonsing kenmerk. Met ander woorde, dit help die persoon of gesin om na afloop van teenspoed na 'n vorige vlak van funksionering terug te keer. Laastens, word veerkragtigheid in terme van welstand eerder as patologie beskryf – 'n oriëntasie wat deur Antonovsky (aangehaal in Hawley, 2000) as

salutogenese beskryf word. Sterktes eerder as gebreke word beklemtoon en word as hulpbronne beskou wat individue en gesinne help om teenspoed te oorkom.

Navorsers soos McCubbin en McCubbin (1988) is van die vroegste skrywers wat die konsep van gesinsveerkragtigheid bekend gestel het, en definieer dit as aanpassende prosesse wat deur gesinne gebruik word om 'n stresvolle situasie te hanteer. Meer spesifiek, McCubbin en McCubbin (1996) beskryf gesinsveerkragtigheid as die kenmerke, dimensies en eienskappe van gesinne wat help om weerstandig te wees teen ontwigting tydens die ervaring van verandering, en aanpassings tydens krisissituasies te maak. Ander skrywers soos Walsh (2003) verwys weer na gesinsveerkragtigheid as daardie sleutelprosesse wat gesinne in staat stel om meer effektiewe hanteringsvermoëns te ontwikkel en sterker te word tydens krisisse of aanhoudende stressors – binne of buite die gesin. Hierdie hanteringsvermoë sluit moontlik buigsaamheid, probleemoplossing, en mobilisering van hulpbronne in. 'n Meer omvattende definisie wat bogenoemde beskrywings kombineer word gegee deur Hawley en DeHaan (1996) wat gesinsveerkragtigheid beskryf as die pad wat 'n gesin volg soos die gesin aanpas en voorspoedig is in die teenwoordigheid van stres – in die teenwoordigende tyd, sowel as met verloop van tyd. Veerkragtige gesinne reageer positief op hierdie toestande op unieke wyses, afhangende van die konteks, ontwikkelingsvlak, die interaktiewe kombinasie van risiko en beskermende faktore, en die gesin se gedeelde uitkyk op die lewe. Saamgevoeg behels hierdie definisies van gesinsveerkragtigheid dat 'n gesin se aanpassing by 'n krisissituasie gesien kan word as 'n ontwikkelingsproses, waar die gesin 'n pad na herstel volg deur van verskeie hulpbronne, hetsy intern en ekstern aan die gesin, gebruik te maak.

Veerkragtigheid hou dikwels verband met risiko en beskermende faktore met betrekking tot individue, gesinne, en groter sosio-kulturele invloede. 'n Risikofaktor kan gedefinieer word as 'n versperring tot effektiewe funksionering, terwyl 'n beskermende faktor 'n hulpbron is wat as

buffer dien teen die uitwerking van teenspoed (Hawley, 2000). Oor die algemeen word veerkragtigheid meer dikwels gevind wanneer risikofaktore minimaal is en beskermende faktore teenwoordig is (Hawley, 2000; Walsh, 2002).

Daar bestaan ten minste twee benaderings met betrekking tot veerkragtigheid in gesinne (Hawley & DeHaan, 1996). Aan die een kant word veerkragtigheid as 'n individuele eienskap gesien met die gesin wat as 'n beskermende of risikofaktor dien, terwyl daar aan die ander kant geredeneer word dat veerkragtigheid 'n eienskap is wat deur die hele gesinseenheid gedeel word. Met ander woorde, die basiese aanname is dat 'n krisis 'n impak op die hele gesin het en nie net op individuele lede nie; dus moet die hele gesin streef om veerkragtigheid te bereik. Volgens Van Breda (2001) word die gesin as 'n selfstandige identiteit beskou, en die individue as komponente van die gesin.

Om 'n begrip te ontwikkel vir die aard van risiko's en veerkragtigheid in gesinne, word veerkragtigheid as die sleutel tot die voorkoming en behandeling van middel-afhanklikheid in middel-geaffekteerde gesinne beskou (Sandau-Beckler, Devall, & De la Rosa, 2002). Effektiewe voorkoming en behandeling van middel-afhanklikheid in middel-geaffekteerde gesinne is 'n kritiese bekommernis aangesien middelmisbruik een van die grootste kwessies is wat gesinne en die samelewing in die gesig staar (Sandau-Beckler et al., 2002).

Om gesinsveerkragtigheid beter te verstaan moet die beskermende faktore geïdentifiseer word. Beskermende faktore is hulpbronne of eienskappe wat die effek van 'n stresvolle situasie buffer (Patterson, 2002). Beskermende faktore verhoog dus die gesin se kans om na afloop van 'n krisis suksesvol aan te pas en is afkomstig vanaf individuele gesinslede, die gesin as 'n eenheid, of die gemeenskap. Die volgende prominente beskermende faktore is deur McCubbin, McCubbin, Thompson, Han, en Allen (1997) geïdentifiseer as belangrik


regoor alle vlakke van die gesinsleuensiklus: gesinsherdenkings, gesinstyd, gesinsroetines, gesinsgehardheid, en gesinstradisies. Dit is egter belangrik om daarop te let dat elke gesin uniek is en dat elke gesin oor 'n unieke stel beskermende faktore beskik.

Gegee die kompleksiteit van veerkragtigheid, word die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) in hierdie studie geoperasionaliseer om veranderlikes wat met gesinsveerkragtigheid geassosieer word te identifiseer. Veranderlikes wat statisties beduidend met gesinsaanpassing korreleer kan oorweeg word as veerkragtigheidsfaktore, aangesien die vlak van die gesin se aanpassing na afloop van 'n krisis as 'n bewys van hul vlak van gesinsveerkragtigheid gesien kan word. Daarom is dit toepaslik om die oorsprong en ontwikkeling van die gemelde veerkragtigheidsmodel te bespreek.

2.3 DIE VEERKRAGTIGHEIDSMODEL VAN GESINSTRES, VERSTELLING EN AANPASSING

Die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing wat deur McCubbin en McCubbin (1996) ontwikkel is (vir die doel van hierdie studie sal daar verder na hierdie model as die Veerkragtigheidsmodel verwys word) het ontstaan uit Hill se ABCX-model wat in 1949 ontwikkel is ter verduideliking van waarom gesinne in aanpassingsvermoë verskil wanneer almal met dieselfde stressor (of krisis) gekonfronteer word (Hawley, 2000). Die ABCX-model fokus op die gesin se funksionering voor die krisis en beklemtoon die interaksie van drie komponente wat 'n krisis (X) veroorsaak, naamlik: die aard van die stressor (A), die gesin se hulpbronne om die stressor te hanteer (B), en die gesin se interpretasie of persepsie van die stressor (C) (McCubbin & McCubbin, 1996). Hill se ABCX-model word egter deur Brown-Baatjies, Fouché en Greeff (2008) vir sy eenvoud en


gebrek aan inagneming van ingewikkelde prosesse aangaande gesinsaanpassing gekritiseer. Hierdie model word skematies aangedui in Figuur 2.1.



Figuur 2.1. Die ABCX-model van gesinstres (McKenry & Price, 1994).

Die ABCX-model is aangepas deur McCubbin en Patterson wat in 1983 die Dubbele ABCX-model formuleer. Die Dubbele ABCX-model beklemtoon faktore, veral hanteringsvermoë en sosiale ondersteuning, wat gesinsaanpassing ná 'n krisissituasie fasiliteer. Die Dubbele ABCX-model beklemtoon dus wat met gesinne na afloop van 'n krisis gebeur en hoe hulle aanpas (Van Breda, 2001). Volgens hierdie model word 'n gesin selde deur slegs een stressor gekonfronteer, maar eerder deur 'n ophoop van stressors (Aa) wat druk op hul hulpbronne en vermoëns plaas. Aangesien gesinne dikwels van verskeie hulpbronne, oud en nuut, gebruik maak en die beskikbare hulpbronne met tyd kan verander, is die Bb faktor bekend gestel. Die

toewysigings van hulpbronne om stressors te hanteer word deur die gesin se interpretasie van die stressor beïnvloed. Hierdie interpretasie-proses behels meer as een definisie van die stressor (C), en is eerder 'n assessering van die totale situasie, dus beide die eise wat die stressor stel sowel as die vermoëns of hulpbronne wat beskikbaar is (Cc). Hierdie faktore is in interaksie met mekaar om gesinsaanpassing (Xx) te bepaal, wat dan die uitkoms na afloop van 'n krisis is. Die Dubbele ABCX-model is meer ingewikkeld as die oorspronklike model, maar het steeds tekortkominge gehad (McCubbin & McCubbin, 1996). In Figuur 2.2 word die Dubbele ABCX-model skematies aangedui.



Figuur 2.2. Die Dubbele ABCX-model (aangepas uit Plunkett, Sanchez, Henry, & Robinson, 1997).

'n Verdere uitbreiding van die ABCX-model is die FAAR-model, ontwikkel deur McCubbin en Patterson (1983), wat die klem plaas op die prosesse betrokke in die gesin se pogings om eise en hulpbronne te balanseer om 'n gepaste vlak van verstelling of aanpassing te bereik (McCubbin & McCubbin, 1996). Hierdie model tref ook 'n onderskeid tussen

gesinsverstelling en gesinsaanpassing, 'n onderskeid wat sentraal tot die veerkragtigheidsmodel is en wat dus later meer volledig bespreek word. Alhoewel die FAAR-model beter gestruktureerd as die vorige modelle was, is sekere belangrike faktore steeds weggelaat (Brown-Baatjies et al., 2008).


Vervolgens is die Tipologie-model van gesinsverstelling en -aanpassing in 1989 deur McCubbin en McCubbin ontwikkel. Die model is ontwikkel om die belangrikheid van die gesin se vasgestelde patrone van funksionering en vlak van interpretasie as buffer teen gesinsdisfunksie te beklemtoon, maar wat herstel en aanpassing bevorder (McCubbin & McCubbin, 1996). In reaksie hierop is die Veerkragtigheidsmodel as 'n verdere uitbreiding op die voorafgaande modelle ontwikkel.

Die Veerkragtigheidsmodel stel voor dat verskeie faktore in interaksie met mekaar is om 'n gesin se vlak van aanpassing te bepaal. Dit sluit hul vlak van kwesbaarheid, gesinstipe, hulpbronne, evaluasie van die stressor, en probleemoplossings- en hanteringsvaardighede in. Gesinskemas word ook as 'n konsep voorgestel – die persepsie dat 'n gesin se algehele uitkyk op die lewe 'n impak op veerkragtigheid het. Gesinne met 'n sterk gevoel van eenheid en wat 'n algehele mening huldig dat teenstrydige omstandighede uiteindelik op 'n gunstige manier opgelos sal word, is veral bevoeg om die effekte van teenstrydigheid die beste teen te staan en die gesin mag selfs onder moeilike omstandighede floreer (Hawley, 2000).

Soos aangedui deur die model se naam, bestaan die Veerkragtigheidsmodel uit twee verwante, maar onderskeibare fases naamlik, verstelling en aanpassing. Vervolgens word 'n kort beskrywing van elke fase gegee.

2.3.1 Die verstellingsfase in gesinsveerkragtigheid

Hierdie fase word beïnvloed deur beskermende faktore wat 'n gesin teen die impak van 'n stressor buffer. Daar word van 'n gesin wat stres beleef vereis om verstellings te maak om sodoende die impak van hierdie stressor in die gesin se funksionering te inkorporeer en om harmonie en balans op alle vlakke van funksionering te herstel. Met ander woorde, om 'n toestand van welstand en ekwilibrium te bereik (McCubbin & McCubbin, 1996). Die verstellingsfase van die Veerkragtigheidsmodel sluit 'n reeks komponente in wat in interaksie is om gesinsprosesse en uitkomste te bepaal. Hierdie uitkomstes kan wissel tussen positiewe aanpassing en wanaanpassing. Positiewe aanpassing word deur die herstel van harmonie en balans deur die gebruik van bestaande hulpbronne gekenmerk, met slegs minimale veranderinge in gevestigde patrone van gesinsfunksionering. Wanaanpassing aan die ander kant, gebeur wanneer sekere eise die gesin se vermoëns oorskry, en die gesin nie harmonie en stabiliteit kan bereik nie – nie sonder om veranderinge in die gesinssisteem te maak nie, insluitend rolle, waardes, reëls, doelwitte, prioriteite, en patrone van funksionering (McCubbin & McCubbin, 1996). Die toestand van wanaanpassing veroorsaak 'n gesinskrisis, wat aan disharmonie, wanbalans en wanorde gekenmerk word – die oplossing daarvan wat aansienlike veranderinge in die gesin se patrone van interaksie en funksionering vereis. Die begin van hierdie veranderinge dui op die begin van die aanpassingsfase wat in die volgende afdeling bespreek word. In Figuur 2.3 word aangedui hoe die komponente wat gesinsprosesse en uitkomste bepaal met mekaar in interaksie is.




Figuur 2.3. Die verstellingsfase van die Veerkrachtigheidsmodel van gesinstres, verstelling, en aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996).

2.3.2 Die aanpassingsfase in gesinsveerkrachtigheid

Die aanpassingsfase het te doen met die gesin wat 'n krisis ondergaan en waar herstellende faktore 'n groot rol speel om die gesin in staat te stel om vanaf die impak wat die stressor gehad het terug te bons (McCubbin & McCubbin, 1996). Volgens McCubbin en McCubbin (1996) behels aanpassing die proses om die omgewing, gemeenskap, sowel as die gesin se verhoudings met die gemeenskap, te transformeer om sodoende harmonie, balans, en gesinswelstand te hervestig. Die verskil tussen aanpassing en verstelling behels dus die veranderinge wat 'n gesin ten tyde van 'n krisis ondergaan. Verstelling behels veranderinge in die gesin se patrone van funksionering om beskermende faktore te benut, terwyl aanpassing op veranderinge in eksterne sisteme fokus, sowel as die gesin se verhouding met hierdie sisteme om herstellende faktore te benut. Tydens die ervaring van stres beweeg die gesin eers deur die verstellingsfase, wat dan volgens die Veerkrachtigheidsmodel deur die aanpassingsfase gevolg word (McCubbin, Thompson, & McCubbin, 1996).

Verskeie navorsers het al gepoog om te identifiseer watter herstellende en beskermende faktore 'n gesin in staat stel om by 'n krisis aan te pas, of om 'n situasie te hanteer (Hawley, 2000; Hawley & DeHaan, 1996; Rutter, 1985). Soos reeds bespreek, is beskermende faktore daardie hulpbronne wat individue oftewel gesinne teen stressors buffer. Beskermende faktore het 'n direkte en indirekte invloed op prosesse en reaksies (Hawley & DeHaan, 1996; Rutter, 1985). Herstellende faktore is faktore wat 'n gesin help om effektiewe gesinsfunksionering na afloop van 'n krisisperiode te herstel. Saamgevoeg kan na beskermende en herstellende faktore as veerkrachtigheidsfaktore verwys word (McCubbin et al., 1996).

Soos in Figuur 2.4 aangedui, is talryke komplekse elemente in interaksie met mekaar om die gesin se vlak van aanpassing by 'n krisissituasie aan te dui. 'n Verduideliking volg na die figuur.



Figuur 2.4. Die aanpassingsfase van die Veerkrachtigheidsmodel van gesinstres, verstelling, en aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996).

Die gesinskrisissituasie wat veroorsaak word deur 'n onvermoë om die nodige verstellings tydens die verstellingsfase te maak, word deur 'n ophoop van stremminge op die gesin vererger. Stremminge mag verwant wees aan die gesin se besondere lewensfase, byvoorbeeld, om 'n adolessent in die huishouding te hê; of dit kan onverwagse stressors soos die afsterwe van 'n gesinslid wees. Hierdie opgehoopte stres het 'n impak op die gesin se patrone van funksionering (McCubbin & McCubbin, 1996).

Daar is twee kategorieë van funksioneringspatrone in die aanpassingsfase: nuut ingestelde patrone van funksionering, en volgehoue of verstelde patrone van funksionering. Beide tipes funksioneringspatrone het 'n effek op en word deur die gesin se evaluering van 'n situasie geaffekteer (McCubbin & McCubbin, 1996).

In die verstellingsfase speel die gesin se evaluering en interpretering van die stressor 'n rol in die verstellingsproses. Die stressor evaluering is die gesin se interpretasie en persepsie van die stressor en hoe die gesin reken dit hulle sal affekteer. In die aanpassingsfase is dit egter die gesin se evaluering van die situasie, wat 'n impak op die aanpassingsproses het. Die evaluering van die situasie is die verhouding tussen die manier hoe die gesin die stressor sien of interpreteer en die vermoë wat hulle glo hul het.

McCubbin en McCubbin (1996) definieer vyf fundamentele vlakke van evaluering tydens 'n gesinskrisis. Hierdie vlakke sluit in stressor evaluering, situasie evaluering, paradigmas, koherensie, en gesinskemas. Paradigmas is die verwagtinge en reëls wat gedeel en aangeneem word deur die gesinseenheid om leiding vir die gesin se ontwikkeling van spesifieke patrone van funksionering in spesifieke areas van gesinslewe te verskaf. Koherensie word verstaan as die motiverings- en evalueringsbasis vir die transformering van die gesin se potensiële hulpbronne na werklike hulpbronne. Uiteindelik is die gesinskema 'n

struktuur van fundamentele oortuigings, waardes, geloofstelsels, en verwagtinge. Die gesin se evaluering van die situasie het 'n impak op die tipe probleem-oplossing en hanteringsmeganismes wat die gesin sal gebruik en hoe effektief die gesin daarvan gebruik sal maak (McCubbin & McCubbin, 1996).

Die gesin maak gebruik van probleem-oplossing en hanteringsgedrag om spanning te hanteer, stressors te verminder of te elimineer, en om nuwe hulpbronne te kry. Hierdie gedragsuitings affekteer mekaar en word geaffekteer deur die wyse waarop die gesin hulpbronne sien, gebruik, en kan verkry (McCubbin & McCubbin, 1996).

Die laaste aspek om in ag te neem in die aanpassingsfase is gesinshulpbronne wat van drie potensiële bronne afkomstig is, naamlik individuele gesinslede, die gesinseenheid, en die gemeenskap. Een van die belangrikste hulpbronne is ondersteuning wat in verskeie vorme voorkom, naamlik die gesin, die uitgebreide familie, en sosiale en gemeenskapsondersteuning (McCubbin & McCubbin, 1996).

Soos voorheen bespreek wissel die gesin se gesinsprosesse en uitkomstes tussen positiewe aanpassing en wanaanpassing. In die geval van positiewe aanpassing word gevestigde patrone van funksionering behou. In die geval van wanaanpassing word 'n krisis veroorsaak wat vereis dat veranderinge in die gesin se gevestigde patrone van funksionering teweeg gebring moet word om sodoende harmonie en balans te bereik (McCubbin & McCubbin, 1996).

Voorafgaande bespreking toon duidelik dat gesinsveerkragtigheid die volgende aspekte insluit: volhouding van interne toestande wat kommunikasie bevorder; die positiewe groei van gesinslede; vereniging van gesinsbande; ontwikkeling en volhouding van sosiale ondersteuning buite die huishouding; en pogings om die impak van 'n stressor op 'n gesin te minimaliseer (McCubbin et al., 1996). Die aanduiding van die graad waartoe die gesin in

staat is om bogenoemde suksesvol toe te pas, word gesien in hul vlak van aanpassing. Die mees algemene uitkomstes van gesinsveerkragtigheid wat geïdentifiseer is, is gesinsverstelling, gesinsaanpassing, en gesinswelstand (Lee et al., 2004).

Alhoewel DeHaan, Hawley en Deal (2002) saamstem dat gesinne deur 'n reeks stadiums vorder in reaksie op 'n geweldige stressor, beklemtoon hulle egter dat nie alle gesinne deur dieselfde stadiums beweeg nie, of dieselfde baan volg nie. As gevolg van verskillende strukturele, interpersoonlike, sosiale, sosio-ekonomiese, kulturele, en religieuse faktore wat in interaksie is met gesinsprosesse met verloop van tyd, word veerkragtigheid op 'n unieke wyse in elke gesin vergestalt (DeHaan et al., 2002; Hawley, 2000).

Die voordele van 'n gesinsveerkragtigheidsbenadering is dat dit erkenning gee dat gesonde gesinne nie, soos in sommige definisies gestel, probleemvry hoef te wees nie en laat dit dus toe vir die identifisering van veranderlikes wat effektiewe aanpassing in die konteks van teenspoed bevorder. Die herstellende potensiaal van alle gesinne word in hierdie benadering bevestig en gesinne word gesien dat hulle die potensiaal het om veerkragtigheid te ontwikkel en hul eie lewensuitdagings te bemeester (Walsh, 2003).

2.4 ANDER MODELLE WAT VERBAND HOU MET VEERKRAGTIGHEID

2.4.1 Die kognitiewe beoordelingsmodel (*Cognitive Appraisal*)

Volgens hierdie kontekstuele model van veerkragtigheid, behels aanpassing 'n komplekse en dinamiese proses wat interaksie tussen die individu en sy/haar omgewing beklemtoon en sluit dit periodes van evaluering en herevaluering van die krisissituasie in (Drapeau, Samson, & Saint-Jacques, 1999). Hierdie evaluering en herevaluering kom duidelik na vore in Lazarus en Folkman (1984) se definisie van hanteringsvermoë as die aanhoudende verandering van

kognitiewe en gedragspogings om spesifieke eksterne en interne eise te hanteer indien dit as veeleisend geëvalueer word, of indien die hulpbronne van die persoon oorskry word.

Volgens Drapeau et al. (1999) fokus Lazarus en Folkman op twee evaluerings-episodes: primêre en sekondêre evaluering. Met primêre evaluering bekyk en evalueer die individu die situasie om vas te stel of dit stresvol is of nie, en bevraagteken dit ook sy/haar graad van beheer oor die situasie. Met sekondêre evaluering vind die assessering van die beskikbaarheid van hulpbronne – beide persoonlik en sosiaal – plaas. Dit sluit die pogings en strategieë wat die individu gebruik om balans na 'n krisis te bereik in. Hoe 'n krisis dus hanteer word, hang grootliks daarvan af of dit as stresvol gesien word, of daar 'n mate van beheer is, en die beskikbaarheid en toeganklikheid van hulpbronne.

2.4.2 Die Circumplex-model

Hierdie model is in 1979 deur Olson, Sprenkle en Russel ontwikkel om gesinsfunksionering ten tyde van krisisse te probeer uitbeeld – deur die dimensies van gesinskohesie en aanpasbaarheid te eksploreer (Olson, Sprenkle, & Russel, 1979). Volgens Olson et al. (1979) kan 16 gesinstipes onderskei word en sou 'n balans tussen kohesie en aanpassing essensieel vir huweliks- en gesinsfunksionering wees. Te veel kohesie het 'n verstrengelende effek en te min kohesie kan lei tot die disintegrasie van die gesinseenheid. Wanneer daar na aanpasbaarheid gekyk word kan te veel daarvan tot chaos lei en te min daarvan kan tot rigiditeit in die gesinsisteem lei (Greeff, 2000).

Gesinskohesie verwys na die emosionele band wat gesinslede met mekaar deel. Veranderlikes binne hierdie model wat verband hou met kohesie, sluit in emosionele binding, koalisies, ruimte, tyd, grense, vriende, besluitneming, belangstellings en ontspanning. Gesinaanpasbaarheid word gedefinieer as die gesin se vermoë om hul magtstelsel,

rolverhoudings, en verhoudingsreëls te verander met betrekking tot stresvolle situasies wat as gevolg van die ontwikkeling van individuele lede en die gesin as geheel ontstaan. Veranderlikes soos assertiwiteit, dissipline, beheer, en onderhandelingsstyle is kenmerkend van aanpasbaarheid binne hierdie model. Gesinskommunikasie word as 'n fasiliteringsveranderlike binne gesinne gesien, alhoewel dit ook gesinne mag inhibeer soos hulle binne die dimensies van kohesie en aanpasbaarheid verander. Positiewe kommunikasietegnieke sluit in empatie, reflektoring, luister en ondersteunende terugvoer, terwyl gemengde boodskappe, dubbelbindings, en kritiek, voorbeelde van negatiewe kommunikasietegnieke is (Greeff, 2000).

Die Circumplex-model is dinamies omdat dit ruimte laat vir verandering in die gesin se funksionering oor die gesin se lewensiklus heen. Kohesie, aanpassing, en kommunikasie word as die drie hoofdimensies van gesinsfunksionering geïdentifiseer (Olson, Russel, & Sprenkle, 1989).

2.4.3 'n Proses-Model van Gesinsveerkragtigheid

Walsh (2003) het op grond van verskeie studies 'n gesinsveerkragtigheidsraamwerk ontwikkel wat poog om kritieke veranderlikes wat bydra tot individuele en gesinsveerkragtigheid te verstaan. Hiervolgens is daar sleutelgesinsprosesse wat stres en kwesbaarheid tydens situasies van hoë risiko verminder, genesing en groei vanuit 'n krisis bevorder, en gesinne toerus om voortdurende teenspoed te oorkom. Hierdie prosesse is binne drie domeine van gesinsfunksionering gegroepeer, naamlik gesinsgeloofsisteme, gesinsorganisasiepatrone, en kommunikasie en probleemoplossingsprosesse.

Die Gesinsveerkragtigheidsraamwerk kombineer ekologiese en ontwikkelingsperspektiewe om gesinsfunksionering binne verband met die breër sosio-kulturele konteks en ontwikkeling

oor die multi-generasie lewensiklus te plaas. In die eerste plek bied hierdie raamwerk verskeie voordele deurdat dit in die definisie daarvan op sterktes fokus wat tydens stres te midde van 'n krisis, of met teenspoed ontstaan. Tweedens gee dit erkenning dat een enkele model nie alle gesinne of hul situasies pas nie. Derdens bevestig dit dat prosesse vir optimale funksionering en die welstand van gesinslede met tyd verskil soos wat uitdagings verander en gesinne oor die lewensiklus ontwikkel. Alhoewel nie een enkele model van gesinsgesondheid alle gesinne pas nie, is die gesinsveerkragtigheidsraamwerk gegrond in die geloof dat gesinne die potensiaal vir aanpassing en groei in tye van teenspoed het (Walsh, 2003). Vervolgens word die drie domeine van gesinsfunksionering bespreek, naamlik gesinsgeloofstelsels, gesinsorganisasiepatrone, en kommunikasie en probleemoplossingsprosesse.

Gesinsgeloofstelsels het 'n sterk invloed op hoe 'n krisis gesien word, lyding verwerk word, en moontlike opsies uitgeoefen word (Wright, Watson, & Bell, soos aangehaal in Walsh, 2003). Gedeelde persepsies van die werklikheid ontstaan deur gesins- en sosiale interaksies wat beurteliks gesinsprosesse en benaderings tot krisissituasies organiseer. Hierdie geloofstelsels kan egter ook verander word deur krisissituasies (Reiss, soos aangehaal in Walsh, 2003). Veerkragtigheid word deur gedeelde geloofstelsels bevorder wat moontlike opsies vir probleemoplossing, genesing, en groei verhoog. Hierdie gedeelde geloofstelsels help gesinslede om sin te maak van teenspoed, om 'n veelbelowende en positiewe uitkyk te fasiliteer, en bied inspirerende of spirituele verbintenisse (Walsh, 2003). 'n Gesin met 'n krisis moet sin maak van hul situasie om sodoende die krisis te verwerk en die gepaste hanteringsmeganismes te kies. Gesinne maak sin van hul situasies deur pogings aan te wend om hul ongemak te normaliseer en te kontekstualiseer.

Gesinsorganisasiepatrone behels dat gesinne hulself op verskillende maniere organiseer om die uitdagings wat hulle in die gesig staar aan te pak (Walsh, 2003). In gesinsorganisasie

word veerkragtigheid gekweek deur 'n buigsame gesinstruktuur (byvoorbeeld, om bereid te wees om aan te pas, of om stabiliteit tydens ontwigting deur 'n krisis te handhaaf) (Davis & Asliturk, 2011; Drotar, 1997), 'n gevoel van kohesie (byvoorbeeld, wedersydse ondersteuning en respek vir gesinslede se behoeftes), sowel as sosiale en ekonomiese hulpbronne (byvoorbeeld sosiale ondersteuning of tasbare hulp) (Benzies & Mychasiuk, 2009), aan te wend.

Kommunikasie en probleemoplossingsprosesse versterk veerkragtigheid deur duidelikheid oor krisissituasies te bring (byvoorbeeld, om duidelike, konsekwente boodskappe oor te dra), dit bemoedig openlike emosionele uitdrukking (byvoorbeeld, om gevoelens te deel en wedersydse empatie te toon) en bevorder gesamentlike probleemoplossing (om byvoorbeeld, 'n pro-aktiewe benadering as gesin as geheel aan te neem) (Black & Lobo, 2008; Mackay, 2003). Die variasie in kulturele norme in die deling van sensitiewe inligting en uitdrukking van gevoelens moet egter in ag geneem word (Walsh, 2003).

Volgens hierdie veerkragtigheidsraamwerk van sleutelgesinsprosesse word die veerkragtigheid en aanpassing van alle gesinslede en die gesinseenheid gemedieër wanneer die gesin met stresvolle krisisse en voortdurende uitdagings gekonfronteer word (Walsh, 1998). Elkeen van die gesinsdomeine bestaan ook uit hul eie sub-afdelings wat as faktore dien wat veerkragtigheid in gesinne bevorder. Hierdie faktore word meer breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek.

2.5 SAMEVATTING

Gesinsveerkragtigheid verteenwoordig 'n salutogenese benadering wat 'n gesin se sterktes eerder as swakhede beklemtoon (Antonovsky, 1979). Gesinsveerkragtigheid is moontlik teenwoordig in gesinne wat positief reageer en suksesvol is ten tyde van teenspoed deurdat

hulle verstellings maak en aanpas by die krisissituasie (Hawley & DeHaan, 1996). In hierdie hoofstuk is die Veerkragtigheidsmodel wat in hierdie studie geoperasionaliseer is om veranderlikes te identifiseer wat geassosieer is met gesinsaanpassing, in meer besonderhede bespreek. Die vlak van die gesin se aanpassing na afloop van 'n krisis kan beskou word as die mate waarin die gesin veerkragtig is. Gevolglik sal veranderlikes wat statisties beduidend korreleer met gesinsaanpassing in hierdie ondersoek beskou word as gesinsveerkragtigheidsfaktore. Verder is 'n uiteensetting van ander beskouings en belangrike begrippe wat verband hou met gesinsveerkragtigheid, ook bespreek.

In die volgende hoofstuk word oor navorsing rapporteer waarin ondersoek ingestel is na veerkragtigheidskenmerke; en hoe dit op veerkragtigheid in gesinne betrekking het.

HOOFSTUK 3

LITERATUURSTUDIE

3.1 INLEIDING

Adolesente middelmisbruik is 'n groeiende probleem in die samelewing. Volgens Pearson (2000) is hierdie probleem dikwels reeds diep gevestig voordat dit geïdentifiseer word en die hantering word dikwels die verantwoordelikheid van gesinne, veral van die ouers.

Middelmisbruik is 'n multifaktoriale bio-psigososiale verskynsel. Die diversiteit en kompleksiteit van faktore wat tot die inisiëring en voortdurende gebruik van dwelmmiddels bydra, maak die studie daarvan veral uitdagend (Sussman & Ames, 2001). As gevolg van die sosiale belangrikheid van middelmisbruik bestaan daar 'n groot hoeveelheid literatuur rakende die negatiewe impak daarvan (Flisher et al., 2003; Jackson & Mannix, 2003; Parry et al., 2004; Usher, Jackson, & O'Brien, 2005). Min navorsing is egter rakende gesinsveerkragtigheid in gesinne met 'n adolesente middelmisbruiker gedoen wat tot gevolg het dat meer onlangse literatuur moeilik te vinde is.

Veerkrachtigheidsstudies fokus dikwels op persoonlike eienskappe van individue (Hawley, 2000; Walsh, 2002). Die gesin wat tradisioneel as 'n bron van probleme en as 'n onvoldoende sosialiseringagent in die ontwikkeling van hanteringsvaardighede beskou word, is grootliks in vorige navorsing as 'n belangrike ondersteuningsbron en as 'n fokus vir effektiewe voorkomingsprogramme geïgnoreer. Daar is egter toenemend literatuur wat daarop dui dat die gesin een van die sleutelveranderlikes in die voorspelling of voorkoming van adolesente middelmisbruik is (Johnson et al., 1998; Lee & Goddard, 1989; Sandau-Beckler et al., 2002; Wills & Yaeger, 2003).

Die studies wat vervolgens bespreek word fokus op verskillende veerkragtigheidsfaktore wat geïdentifiseer is en wat betrekking op alle gesinne mag hê. Daar moet egter daarop gelet word dat hierdie studies veral op individuele veerkragtigheid, in plaas van gesinsveerkragtigheid klem lê. Die studies het hoofsaaklik op die voorkoming van middelmisbruik en nie soseer op hoe gesinne daarby aangepas het nie, gefokus.

Voorafgaande in ag geneem, rapporteer Resnick (2000) hoe adolessente se betrokkenheid by hoë gesondheidsrisiko-gedrag (insluitend middelmisbruik) voorkom of geminimaliseer kan word deur op beskermende faktore te fokus. Die primêre belangstelling in Resnick (2000) se studie was die identifikasie van veranderlikes wat met positiewe groei tydens teenspoed help. Volgens Chase-Lansdale en Wakschlag (soos aangehaal in Resnick, 2000) spruit beskermende faktore uit 'n interaksie van omgewingsprosesse (buurt, skool, portuurgroep, gemeenskapsgroepe, gemeenskapsinstellings), gesinsprosesse (gesinshulpbronne, ouerskapkenmerke, ouerskapgedrag, ouerskapvaardighede), selfsisteemp prosesse (vermoë, versorging, verbintenis, sosiale verantwoordelikheid), en individuele karaktertrekke (selfgeloof, gesondheid, ontwikkeling, kognisie). Resnick (2000) dui aan dat betrokkenheid by risiko-gedrag verminder kan word deur gesinsfunksionering en gesinskommunikasie te versterk.

Lee en Goddard (1989) het op die voorkoming van middelmisbruik en hoe sekere gesinsterktes 'n rol daarin mag speel, gefokus. Lee en Goddard (1989) beskryf 'n gesinsbetrokkenheidsprogram wat ontwerp is om beide hoë-risiko gesinne met 'n algemene geskiedenis van middelmisbruik te bereik, asook gesinne wat probleme wil voorkom. Hierdie program is op twee beginsels wat belangrike implikasies vir gesinslewe-opvoeding het gebaseer. Eerstens, opvoeding word op gesinsterktes en bemagtiging gebaseer waardeur die gesin in 'n posisie geplaas word om verantwoordelikheid vir hul eie welstand te aanvaar.

Tweedens, die skuif van vaardigheidsopvoeding na individuele situasies van elke gesin gee erkenning daaraan dat elke gesin verskillende sterktes en behoeftes het. Tyd saam spandeer en betrokkenheid by mekaar, gesamentlike besluitneming en reëls, getrouheid aan die gesin en eenheid, waardes en geloof, emosionele nabyheid en ondersteuning, kommunikasie, hanteringsvermoë, en probleemoplossingsvaardighede word deur Lee en Goddard (1989) as belangrike gesinsterktes wat bydrae tot die voorkoming van middelmisbruik uitgelig.

In 'n studie deur Johnson et al. (1998) is ondersoek ingestel na die effek van 'n gemeenskapsgebaseerde program wat ontwerp is om die begin van alkohol- of dwelmmisbruik te vertraag en die voorkoms daarvan te verminder deur gesinsveerkragtigheid te versterk. Die program is in verskeie kerkgemeenskappe in beide landelike en stedelike omgewings geïmplementeer. Komponente van die program het op ouer- (of voog-) en jeugopleiding, vroeë intervensie-, en opvolgdienste gefokus. Daar is gevind dat gesinsveerkragtigheid geassosieer word met 'n vertraging in die besluit om dwelmmiddels te begin gebruik, asook met 'n afname in die gebruik van alkohol en ander dwelmmiddels deur hoë risiko jeugdige (12- tot 14-jarige). Veerkragtigheidskenmerke wat geïdentifiseer is, is kennis en geloofstelsels met betrekking tot alkohol en dwelmgebruik, gesinsbestuur, gesinsgehegtheid, kommunikasie, ouers wat as rolmodelle dien, en die gesin se betrokkenheid om hulp in hul gemeenskap te soek (Johnson et al., 1998).

Alhoewel bogenoemde studies oor veerkragtigheidsfaktore, of sterktes, of ander positiewe gesinseienskappe rapporteer, is die fokus hoofsaaklik op daardie faktore wat met die voorkoming van middelmisbruik help. Daar is egter nagelaat om ondersoek te doen na daardie kenmerke van gesinne wat help dat die gesin steeds kan funksioneer wanneer daar reeds 'n adolessente middelmisbruiker in die gesin teenwoordig is. Soortgelyke studies rakende gesinsveerkragtigheid, wat egter nie met middelmisbruik verband hou nie, dui wel

kenmerke aan wat gesinne help om teenspoed te oorkom. Gevolglik word daar 'n oorsig van studies wat verband hou met daardie kenmerke wat gesinsveerkragtigheid bevorder gegee. Die bespreking word in ooreenstemming met sleutelprosesse in Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk gedoen. Op grond van verskeie studies het Walsh (2003) 'n gesinsveerkragtigheidsraamwerk ontwikkel wat poog om kritieke veranderlikes wat bydra tot individuele en gesinsveerkragtigheid te verstaan. Volgens hierdie raamwerk is daar sleutelgesinsprosesse wat stres en kwesbaarheid tydens hoë risiko situasies verminder, genesing en groei vanuit 'n krisis bevorder, en gesinne toerus om voortdurende teenspoed te oorkom.

3.2 FAKTORE WAT VERBAND HOU MET GESINSVEERKRAGTIGHEID

Soos in hoofstuk 2 bespreek, groepeer Walsh (2003) sleutelprosesse in gesinsveerkragtigheid binne drie domeine van gesinsfunksionering, naamlik gesinsgeloofsisteme, gesinsorganisasiepatrone, en kommunikasie en probleemoplossingsprosesse. Elkeen van hierdie domeine bestaan uit sub-afdelings wat as faktore wat veerkragtigheid in gesinne bevorder, beskou word. In hierdie afdeling word relevante studies in ooreenstemming met die onderafdelings van die drie domeine van gesinsfunksionering bespreek. Die studies waaroor gerapporteer word fokus op verskillende veerkragtigheidsfaktore wat geïdentifiseer is en wat op gesinne betrekking mag hê. Let op dat hierdie studies veral op individue en veerkragtigheid, in plaas van gesinsveerkragtigheid klem lê.

3.2.1 Gesinsgeloofsisteme

3.2.1.1 Om sin te maak van teenspoed

Veerkragtige gesinne benader teenspoed deur uitdagings te deel en dit gesamentlik as 'n gesin te benader. Deur saam te staan versterk individue hul vermoë om teenspoed te oorkom. Deur

kwellinge of bekommernisse te normaliseer en te kontekstualiseer, kan gesinslede hul perspektief rakende hul reaksies en moeilikhede verbreed. Dit help dat gesinslede dit as verstaanbaar kan aanvaar wanneer hulle met oorweldigende situasies of ontmoedigende struikelblokke gekonfronteer word. Wanneer die gesin die vermoë het om hul teenstrydige gevoelens en dilemmas as “normaal” te sien, word die fokus op die siektetoestand, blaam, en skaamte verminder. Met ander woorde, hul dilemmas is algemeen en te wagte en kom ook by ander gesinne wat soortgelyke moeilikhede ervaar voor. Volgens Walsh (2003) hanteer gesinne teenspoed beter wanneer hulle gehelp word om 'n sin van samehang te kry deur 'n krisis as 'n uitdaging wat begryplik, beheerbaar, en belangrik genoeg is om aan te pak, te herformuleer. Dit behels dat die gesin pogings moet aanwend om die aard en oorsprong van die probleme wat hulle beleef en om die opsies tot hulle beskikking, duidelik te evalueer. Gesinslede poog ook om sin uit hoe gebeurtenisse plaasgevind het te maak deur oorsaaklike en verklarende beskrywings vir hulself te vind. Dubbelsinnigheid rondom oorsake van 'n krisis, tesame met onsekerhede rondom die toekoms, kompliseer die uitdagings om sin van die krisis te maak en bemoeilik die herstel van gesinsfunksionering (Walsh, 2003).

Davis en Morgan (2008) het ondersoek ingestel na die rol wat *sin maak* speel gedurende die proses van aanvaarding en persoonlike groei in 'n steekproef van 315 persone met tinnitus. Tinnitus is die persepsie van klank in die ore of kop in die afwesigheid van eksterne stimulasie. Resultate het aangedui dat aanmeldings van negatiewe veranderinge in lewensdoelwitte en filosofieë, die soeke na *sin maak* voorspel en dat sodanige soeke ook met waarneembare persoonlike groei geassosieer word. Dus, indien die soeke na sin maak persoonlike groei vir individue tot gevolg kan hê, hou dit verband met sin maak in die gesinskonteks deurdat dit groei in die gesin as geheel teweeg mag bring.

Die soeke na betekenis na afloop van 'n krisissituasie, byvoorbeeld die afsterwe van 'n eggenoot, verteenwoordig die oorlewendes se pogings om sin te maak van die situasie deur dit verstandelik te prosesseer. Hierdie uitkoms kan moontlik dui op 'n mate van persoonlike groei soos wat persone tot 'n nuwe begrip rakende hulself, die waarde van hul verhoudings, of hul betekenis en doel in die lewe, kom (Davis & Asliturk, 2011).

Davis en Morgan (2008) meen dat groei plaasvind soos wat 'n persoon die betekenis van dreigende krisisse kognitief prosesseer. Kognitiewe prosessering is daarop gemik om die inkonsekwensie van 'n persoon se verwagtinge en aannames oor die welwillendheid van die wêreld, en ongewenste lewensgebeurtenisse, te verminder. Met ander woorde, beduidende krisisse sal 'n persoon motiveer om pogings aan te wend om sin van die gebeurtenis te maak – óf deur die herinterpretasie daarvan om dit in ooreenstemming met die norme van die samelewing te maak, óf deur die persoon se eie sienings by dié van die samelewing aan te pas.

Davis en Asliturk (2011) het bevind dat sommige individue 'n betekenis of doel in die lewe het wat hulle blykbaar weerstandig maak teenoor die verswakkende effek van beduidende lewensgebeurtenisse. Individue met 'n sin van orde in hul sosiale lewe, 'n sin van koherensie, en 'n doel en sin van vervulling in die lewe, blyk stresvolle gebeurtenisse meer positief te evalueer as individue wat 'n gebrek aan 'n gevoel van betekenis in die lewe het (Davis & Asliturk, 2011).

Vanuit voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die manier hoe individue verstellings maak en by moeilike situasies aanpas, deur die interpretasies en evaluering van hulle ervarings beïnvloed word. Hoe gesinne dus sin maak van hul omstandighede, speel 'n rol in die mate waartoe hulle by situasies aanpas.

3.2.1.2 Positiewe uitkyk

Heelwat navorsing bevestig die beduidende effek wat 'n positiewe uitkyk het om stres te hanteer, te herstel na 'n krisis, en struikelblokke te oorkom. In 'n studie deur Mak, Ng en Wong (2011) is die verhouding tussen veerkragtigheid en lewenstevredenheid ondersoek, en of depressie deur positiewe sienings oor die self, die wêreld, en die toekoms (positiewe kognitiewe drietal) verduidelik kan word. Daar is gevind dat veerkragtigheid 'n beduidende verwantskap met positiewe kennisies van die self, die wêreld, en die toekoms het. Individue met hoër vlakke van veerkragtigheid het meer positiewe kennisies en hoër vlakke van lewenstevredenheid getoon en laer vlakke van depressie aangemeld.

In Taylor et al. (2012) se studie was een van die doelstellings om te bepaal of Mexikaanse moeders se disposisionele optimisme verband hou met veerkragtigheid en hoe veerkragtigheid moeders se geïnternaliserende simptome affekteer. Hulle wou ook bepaal of moeders se disposisionele optimisme ouerlike gedrag en kinders se sosiale aanpassings affekteer. Disposisionele optimisme is 'n relatiewe stabiele, algemene neiging van individue om positiewe gebeurtenisse of omstandighede in die lewe te verwag (Carver, Scheier, & Segerstrom, 2010). In ooreenstemming met vorige studies het Taylor et al. (2012) bevind dat optimistiese moeders geneig is om minder geïnternaliseerde simptome te hê en hoër vlakke van betrokkenheid uitleef (as 'n voorbeeld van ouerlike gedrag). Moederlike optimisme het ook die verwantskap tussen ekonomiese druk en geïnternaliseerde simptome gemodereer (Taylor et al., 2012). Hierdie bevinding ondersteun dus die idee dat optimisme 'n veerkragtigheidsfaktor is wat individue teen negatiewe stressors buffer.

Verder is Davis en Asliturk (2011) van mening dat mense wat veerkragtigheid tydens teenspoed toon, oor 'n spesifieke oriëntasie wat hulle weerstandig maak teen bedreigings

beskik. Hulle verwys daarna as 'n realistiese oriëntasie en stel voor dat dit met realistiese – en nie onrealistiese – optimisme en gelydelike aanpassing by teenspoed geassosieer is.

Volgens Walsh (2003) help hoop met pogings om bo teenspoed uit te styg. Hoop is 'n toekomsgerigte geloof: ten spyte van hoe troosteloos die hede mag wees, kan 'n beter toekoms voorgestel word. In probleem-gegronde omstandighede, is dit essensieel om hoop en drome weer aan te wakker ten einde moontlikhede te sien, potensiële hulpbronne te mobiliseer, en te strewre daarna om struikelblokke te oorkom. Beavers en Hampson (aangehaal in Walsh, 2003) het ook gevind dat hoë-funksionerende gesinne 'n meer optimistiese siening van die lewe het. Gevolglik kan optimisme in gesinne, geloof en vertroue daartoe bydra dat die gesin se pogings 'n verskil kan maak. Deur gesinsterktes en moontlikhede te midde van moeilikhede te bevestig, help dit gesinne om 'n gevoel van hulpeloosheid, mislukking, en blaam teen te werk, aangesien dit trots, selfvertroue, en 'n “kan doen” gees versterk. Verder verwys Higgins (aangehaal in Walsh, 2003, p.409) na “die kuns om die moontlike te bemeester.” Vir gesinne beteken hierdie kuns om hul situasie te evalueer – die uitdagings, stremminge, en hulpbronne – en dan om hul energie te fokus om die beste van hul opsies te maak. Dit vereis aanvaarding van dit wat buite hulle beheer is en nie verander kan word nie, byvoorbeeld 'n katastrofiese gebeurtenis. In plaas daarvan om moedeloos te voel, is die fokus op toekomstige moontlikhede (Walsh, 2003).

3.2.1.3 Spirituele of inspirerende verbintenisse

Geestelike geloof voorsien betekenis en doelgerigtheid te midde van teenspoed. Die meeste gesinne vind krag, troos, en leiding te midde van teenspoed deur verbintenis met hul kulturele en religieuse tradisies (Walsh, 2003). Spirituele hulpbronne soos 'n diepgewortelde geloof, rituele en seremonies, gebede en meditasie, en religieuse affiliasies is faktore wat veerkragtigheid bevorder (Burriss, Sauer, & Carlson, 2011; Mackay, 2003; Piedmont, 2004).

Welsh en Brodsky (2010) het in 'n kwalitatiewe studie ondersoek ingestel na die ervarings en strategieë wat agt Afgaanse vroue gebruik het om hul geestesgesondheid en die van ander te ondersteun, terwyl hulle beduidende oorlogverwante trauma in Afghanistan in die gesig gestaar het en terselfdertyd die proses van emigrasie beleef het. Die positiewe hanteringsprosesse wat in die studie geïdentifiseer is om die geestesgesondheid van hulself en ander te ondersteun was uiteenlopend en het hoofsaaklik op kultuur-gegronde hanteringsmetodes gedui (Welsh & Brodsky, 2010).

3.2.2 Gesinsorganisasie patrone

3.2.2.1 Buigsame struktuur

Gesinsbuigsamheid is 'n kernproses in gesinsveerkragtigheid. Nogtans, gedurende die afloop van die meeste ernstige veranderinge en krisisgebeurtenisse, kan sommige gesinne nie na 'n normale lewe soos wat hulle dit geken het, terugkeer nie. Gesinne het dikwels hulp nodig wat hulle deur onbekende waters kan lei ten einde strukturele herorganisasie te ondergaan (Walsh, 2003). Met gebeurtenisse, byvoorbeeld die afsterwe van 'n ouer, of die geboorte van 'n kind met 'n fisiese gebrek, moet gesinne 'n nuwe sin van normaliteit ontwikkel soos wat hulle daarby aanpas. Patrone of interaksies moet herorganiseer word om by die nuwe eise aan te pas. Ferm, dog buigsame en gesaghebbende leierskap is meer effektief vir gesinsfunksionering en die welstand van kinders. In stresvolle tye is dit veral belangrik vir ouers en ander versorgers om sorg, beskerming, en leiding te voorsien (Walsh, 2003). In 'n studie deur Metzl (2009) is ondersoek na die verhouding tussen kreatiwiteit en veerkragtigheid binne die konteks van 'n natuurlike ramp ingestel. Buigsamheid en oorspronklikheid was beduidende voorspellers van emosionele welstand na 'n natuurlike ramp.

3.2.2.2 Kohesie

Kohesie is essensieel vir effektiewe gesinsfunksionering. Mackey et al. (2011) se studie oor individuele en gesinsterktes gedurende die bestuur van 'n siektetoestand en metaboliese beheer in Tipe 1 diabetes toon dat jeugdiges wat meer gesinskohesie beleef, beter siektetoestandbestuur en indirek beter metaboliese beheer het. 'n Krisis kan die kohesie in 'n gesin verbrokkel indien gesinslede nie na mekaar kan draai nie. Veerkragtigheid word versterk deur wedersydse ondersteuning, samewerking, en toegewydheid om moeilike tye saam teen te staan. Terselfdertyd moet gesinslede mekaar se individuele verskille, grense, en individualiteit respekteer (Walsh, 2003).

Day en Padilla-Walker (2009) wou bepaal hoe moeders en vaders se verbintenis en betrokkenheid, individueel en gesamentlik, die lewens van hul kinders beïnvloed. Een van hul sleutelbevindinge was dat ouerlike verbintenis en betrokkenheid in kinders se lewens 'n groot rol speel, met vaders wat belangrik vir geïnternaliseerde gedrag is, en moeders wat weer belangrik vir hoop is. Navorsing met inboorling-Amerikaners het verbintenis geïdentifiseer as 'n kultuur-gebaseerde beskermende faktor teen middelmisbruik. Verbintenis verwys na die onderlinge verhouding van welstand van die individu, gesin, gemeenskap, en die natuurlike omgewing. Verbintenis korreleer sterk met beskermende faktore soos redes om te leef en gemeenskapsbetrokkenheid (Mohatt, Fok, Burket, Henry, & Allen, 2011).

Fulkerson, Strauss, Neumark-Sztainer, Story, en Boutelle (2007) wou bepaal hoe die rol van gesinsomgewing met positiewe emosionele welstand in oorgewig jeugdiges help sodat onbeheerbare eetgewoontes vermy kon word. Om gesinsmaaltye 'n prioriteit te maak en om 'n positiewe maaltyd-omgewing te skep, is as faktore wat positief met sielkundige welstand geassosieer word, bevind, terwyl depressiewe simptome en ongesonde eetgewoontes afgeneem het. Voorafgaande dui daarop dat gesinsverbintenis en tyd wat saam spandeer word

as 'n beskermende faktor gesien kan word teen teenspoed wat individue ondervind, omdat dit die hele gesin se lewenstyl beïnvloed.

3.2.2.3 Sosiale en ekonomiese hulpbronne

Familie en sosiale netwerke wat praktiese en emosionele steun bied is baie belangrik in tye van nood. Die beduidendheid van rolmodelle en mentors vir veerkragtigheid word deur Walsh (2003) beklemtoon. Die belangrikheid van sterk vriendskappe word dikwels nie genoeg waardeer nie. Betrokkenheid by gemeenskapsgroepe en religieuse organisasies versterk ook veerkragtigheid. Gesinne wat meer geïsoleer is, kan gehelp word om hierdie potensiële hulpbronne te mobiliseer (Walsh, 2003).

Bonanno, Galea, Bucciarelli en Vlahov (2007) het ondersoek ingestel na verwantskapspatrone tussen veerkragtigheid en sosio-kontekstuele faktore en bevind dat die voorkoms van veerkragtigheid onder andere voorspel word deur inkomste verandering, sosiale ondersteuning, en die teenwoordigheid van lewenstressors in die verlede.

Die belangrikheid van finansiële sekuriteit vir veerkragtigheid moet ook nie misken word nie. 'n Ernstige of kroniese krisis kan geweldige stremminge op 'n gesin se finansiële hulpbronne plaas. In verskeie studies is bevind dat finansiële stremminge die mees algemene faktor in enkelouer-gesinne is waar kinders akademies swak vorder (Walsh, 2003).

3.2.3 Kommunikasie en probleemoplossingsprosesse

3.2.3.1 Duidelikheid, Emosionele uitdrukking, en Gesamentlike probleemoplossing

Gesinslede het dikwels verskillende brokkies inligting of gerugte oor 'n krisis en vul dan die ontbrekende leemtes met hul ergste vrese in. Deur noodsaaklike inligting rakende krisissituasies en toekomstige verwagtinge te deel en duidelik te stel, kan gesinslede sin maak

van die situasie en kan opregte vereenselwiging en ingeligte besluitneming gefasiliteer word. Dubbelsinnigheid of geheimsinnigheid kan begrip, gehegtheid, en bemeestering van die krisis blokkeer (Walsh, 2003).

Oop kommunikasie wat deur 'n klimaat van wedersydse vertrouwe, empatie, en toleransie vir verskille ondersteun word, stel gesinslede in staat om 'n wye reeks gevoelens wat deur krisis-gebeurtenisse en kroniese stres veroorsaak kan word, te deel. Wanneer sterk emosies nie met geliefdes gedeel kan word nie, bestaan daar verhoogde risiko's vir middelmisbruik en simptome soos depressie en, selfvernietigende gedrag, wat tot verhoudingsprobleme of vervreemding kan lei. Vir verhoudingsveerkragtigheid kan paartjies en gesinne aangemoedig word om gevoelens met mekaar te deel en mekaar te troos. Om plesier en oomblikke van humor te midde van pyn en hartseer te vind, kan verligting en opgeruimdheid meebring (Walsh, 2003). Kumpfer en Bluth (2004) meen dat ouer-kind gehegtheid, toepaslike toesig, en kommunikasie in die gesin van die belangrikste beskermende faktore is wat in programme gebruik kan word om die voorkoming van middelmisbruik te bevorder.

Gesamentlike probleemoplossing en konflikhantering is essensieel vir veerkragtigheid. Kreatiewe gedagtewisseling open nuwe geleenthede om teenspoed te oorkom sodat genesing en groei uit 'n krisis kan voortspruit. Gedeelde besluitneming en konflikoplossing behels dat daar met regverdigheid en wederkerigheid oor tyd oor verskille onderhandel word, sodat paartjies en gesinslede mekaar kan akkommodeer. Veerkragtige gesinne stel duidelike doelwitte en prioriteite, en neem konkrete stappe om dit te bereik. Hulle bou op klein suksesse en gebruik mislukking as aansporing om beter te doen. Gesinne word meer vindingryk wanneer hulle vanaf 'n krisis-reagerende styl na 'n proaktiewe styl kan verander. Volgens Walsh (2003) is dit belangrik om gesinne in probleemsituasies te help om 'n beter

toekoms te visualiseer, en om daardie gesinne wie se drome en hoop verbreek het, te help om geleentheid vir herstel en groei te benut.

Cohen, Slonim, Finzi, en Leichtentritt (2002) het in 'n kwalitatiewe ondersoek ingestel na komponente onderliggend aan gesinsveerkragtigheid deur die persepsies van Israeliese moeders wat 'n krisis in die voorafgaande jaar ondergaan het, te ontleed. Vyf hoofkomponente is as gesinsveerkragtigheidskenmerke geïdentifiseer naamlik, interpersoonlike verhoudings, die vermoë om pynlike gevoelens met mekaar te deel, buigsaamheid tussen gesinslede, kohesie, en gesinswaardes. Hierdie bevindinge dui weereens op die belangrikheid van kommunikasie, gesamentlike besluitneming en gesamentlike probleemoplossing vir gesinne om beter by 'n krisis aan te pas.

Ten einde veerkragtigheidsfaktore te identifiseer het Retzlaff (2007) gefokus op veerkragtigheidsverwante vertellings van gesinne wat met kinders met Rett-sindroom saamleef. Gesinne wat beter by hierdie krisis aangepas het, het 'n hoër betrokkenheid by mekaar gehad, wat tot 'n pro-aktiewe uitkyk bygedra het. Om aktief na siekte-verwante inligting te soek het hulle gehelp om 'n beter begrip van hulle omstandighede te ontwikkel.

3.3 SAMEVATTING

Voorafgaande navorsing beklemtoon hoe gesinne van 'n verskeidenheid van faktore gebruik maak – beide binne en buite die gesin – om die gesin te help om verstellings te maak en by 'n krisissituasie aan te pas. Dit is ook duidelik dat baie van hierdie faktore verband hou, of selfs met mekaar ineengestrem is.

In die volgende hoofstuk word die navorsingsmetode wat in hierdie studie gevolg is beskryf. Dit sluit 'n bespreking rakende die deelnemers in die studie, die meetinstrumente wat gebruik is sowel as die statistiese tegnieke wat gebruik is om die data te ontleed in.

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar op die metode van ondersoek in hierdie studie gebruik, gefokus. Die probleemstelling word eers bespreek en word deur 'n bespreking van die navorsingsmetode wat bestaan uit die navorsingsbenadering en die navorsingsontwerp gevolg. Daarna word 'n beskrywing van die deelnemers, sowel as die meetinstrumente gegee, waarna 'n beskrywing volg van die navorsingsprosedure en data-ontleding wat in die studie gebruik is. Laastens word verwys na belangrike etiese beginsels wat in die uitvoering van hierdie ondersoek gehandhaaf is.

4.2 PROBLEEMSTELLING

Die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in 'n gesin verteenwoordig belangrike veranderinge en probleme in gesinsfunksionering (Walsh, 2003). Middelmisbruik word dikwels van verskeie kwessies vergesel wat, indien onopgelos, tot wanaanpassing in die gesin as geheel kan lei (Bartle & Sabatelli, 1989). In hierdie studie is ondersoek ingestel na faktore wat geassosieer kan word met gesinsaanpassing in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker. Kwaliteite is dus geïdentifiseer wat gesinne help om by die teenwoordigheid van 'n adolessente middelmisbruiker in die gesin aan te pas. Bevindinge kan gebruik word om begrip van sodanige kwaliteite te verbeter en intervensies en dienste daarop gebaseer kan 'n betekenisvolle bydrae in die aanpassing van gesinne in soortgelyke omstandighede lewer.

Alhoewel veerkragtigheidsstudies meer rondom individue gevestig is, is daar al meer literatuur oor gesinsveerkragtigheid beskikbaar (Hawley, 2000). Navorsing oor gesinsveerkragtigheid binne die Suid-Afrikaanse konteks is egter redelik beperk. Die navorsingsvraag vir hierdie studie is: Watter faktore kan met die aanpassing van gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker geassosieer word? Die doelstellings van hierdie studie was om ondersoek in te stel na kenmerke van veerkragtigheid in gesinne waar 'n adolessent 'n middelmisbruiker is asook om te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om as 'n gesin te bly funksioneer en deurlopende stressors te hanteer.

4.3 NAVORSINGSBENADERING

In 'n poging om die navorsingsvraag so breedvoerig as moontlik te beantwoord is besluit om 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes te volg. Hierdie kombinasie het nie net spesifieke inligting verskaf nie, maar ook in-diepte inligting voorsien om 'n meer volledige beskrywing van die betrokke veranderlikes te gee. Volgens De Vos, Strydom, Fouché en Delpont (2007) is dit belangrik om erkenning te gee aan die feit dat kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings onafskeidbaar ineengestremel is.

4.4 NAVORSINGSONTWERP

'n Verkennende ontwerp is gekies. Hierdie tipe navorsing word gewoonlik gedoen om insig ten opsigte van 'n spesifieke verskynsel te ontwikkel. Dit word deur De Vos et al. (2007) ondersteun wat meen dat so 'n tipe studie gedoen kan word as daar 'n gebrek aan inligting in 'n nuwe belangstellingsveld bestaan, of om met 'n situasie bekend te raak sodat probleme geïdentifiseer kan word, of 'n hipotese geformuleer kan word. Die ontwerp is gepas vir gesinsveerkragtigheid, aangesien dit 'n relatiewe nuwe navorsingsfokus is. Verder is daar van 'n dwarsnit-opname-ontwerp gebruik gemaak, data is dus eenmalig by deelnemers ingesamel.

4.5 DEELNEMERS

Vir die doel van hierdie studie is van doelgerigte-steekproefneming gebruik gemaak; dus het die navorser op grond van haar eie oordeel die deelnemers (as verteenwoordigers van hulle gesinne) geselekteer wat oor die verlangde eienskappe van die studiepopulasie beskik (Cohen, Manion, & Morrison, 2000). Twee maatskaplike werkers, een in diens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdoewingsmiddels (SANRA), en een in diens van die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (ACVV) Paarl, en die hoof-ouderling van die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK), Eersterivier-Suid, is aanvanklik genader om gesinne wat aan die insluitingskriteria voldoen te identifiseer. Finale toestemming om met die projek voort te gaan is by die drie instansies bekom nadat die nodige dokumentasie deur die navorser voorsien is. Identifiserende besonderhede van potensiële deelnemers (as verteenwoordigers van gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker) is vanaf die maatskaplike werkers by SANRA, ACVV Paarl-Vallei, en die hoof-ouderling van VGK Eersterivier-Suid verkry. Potensiële deelnemers wie se gesinne aan die insluitingskriteria voldoen het, is doelbewus geselekteer. Die insluitingskriteria was (1) ten minste een kind in die gesin moes vir ses maande of langer een of ander middel misbruik het; (2) die middelmisbruik moes binne die voorafgaande vyf jaar plaasgevind het; (3) die middelmisbruik moes plaasgevind het terwyl die kind/ers tussen 12- en 22-jaar oud was; en (4) die gesin moes in die Wes-Kaap woon.

In totaal is 50 deelnemers gekies om aan die studie deel te neem. Van die deelnemers is verwag om 'n ingeligte toestemmingsvorm te teken (vergelyk Bylae A), aangesien deelnemers die reg gehad het om te weet waaroor die navorsing gaan, hoe dit hulle kon affekteer, die risiko's en voordele verbonde aan deelname aan die projek, sowel as die feit dat hulle die reg gehad het om sonder benadeling te weier om deel te neem as hulle dit sou verkies (Bless,

Higgson-Smith, & Kagee, 2006). Om vir die effek van geslag te kontroleer, is ma's aangemoedig om as verteenwoordigers van die gesinne namens die gesinne aan die studie deel te neem. Die meerderheid van die gesinne was twee-ouer gesinne ($n = 27$; 54%), met 13 (26%) gesinne wat enkelouer gesinne was, en 10 (20%) gesinne wat verteenwoordigend was van uitgebreide gesinne. Van die deelnemers was 58% getroud ($n = 29$), en 42% was ongetroud ($n = 21$). Van die twee-ouer gesinne was 22 (96%) getroud en een (4%) geskei. Van die enkelouer gesinne was twee (14.3%) weduwees, twee (14.3%) geskei, nege (64.3%) was nog altyd enkel, en een (7.1%) was getroud, maar woon apart. Van die uitgebreide gesinne was ses (60%) getroud en vier (40%) was nog altyd enkel. Die tydsduur van die bestaande huwelike ($n = 29$) was tussen 6 en 33 jaar, met 'n gemiddelde duur van 19.24 jaar ($SD = 8.84$). Die aantal lede per gesin het vanaf twee tot agt gewissel met 'n gemiddelde van 4.4 ($SD = 1.41$). Slegs 10 (20%) gesinne het aangedui dat daar 'n derde party (byvoorbeeld skoonfamilie of vriende) by hulle gesin inwoon, terwyl dit nie by die res van die gesinne ($n = 40$; 80%) voorgekom het nie.

Die aantal ondersteuningsdienste vanaf 'n organisasie ontvang het tussen nul tot vyftig sessies gestrek, met 'n gemiddelde aantal ondersteuningsessies van 7.4 ($SD = 13.58$). Die ondersteuningsdienste wat die gesinne ontvang het, het tussen berading, geestelike bystand, ondersteuningsgroepe, en hulp met die mobilisering van hulpbronne in die gemeenskap gewissel. Van die 50 deelnemende gesinne het 26 (52%) geen ondersteuningsdienste vanaf 'n organisasie ontvang nie. By 46 (92%) gesinne het die middelmisbruik steeds plaasgevind en die gemiddelde lengte wat die middelmisbruik geduur het, was ongeveer drie jaar. Die gemiddelde aantal maande wat verloop het vanaf die deelnemers bewus geword het van die middelmisbruik totdat data-insameling plaasgevind het, was ongeveer twee jaar en twee maande.

Die opvoedkundige vlak van die deelnemende gesinslede het gewissel tussen twee (4%) met tersiêre opleiding, 33 (66%) met sekondêre opleiding, 14 (28%) met primêre opleiding, en een (2%) met geen skoolastiese opleiding nie. Die meerderheid van die deelnemers ($n = 29$; 58%) was tuisteskeppers, terwyl die res van die deelnemers ($n = 21$; 42%) almal een of ander betrekking gehad het. Met betrekking tot die gesin se maandelikse inkomste het vier gesinne (8%) tussen nul en R500, sewe gesinne (14%) tussen R500 en R1000, 21 gesinne (42%) tussen R1000 en R2500, agt gesinne (16%) tussen R2500 en R5000, verdien, terwyl tien gesinne se inkomste (20%) meer as R5000 beloop het. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2012) was die gemiddelde jaarlikse inkomste van huishoudings in Suid-Afrika vir die jaar 2010/2011 R119 542 (R9961.83 per maand). In vergelyking met die deelnemers en hul huishoudings in hierdie studie is dit duidelik dat die meerderheid van gesinne deel van 'n lae-inkomste groep vorm, aangesien 80% van die gesinne se maandelikse inkomste R5000 en minder was. In Tabel 4.1 word 'n opsomming van die biografiese inligting getoon.

Tabel 4.1*Biografiese Gegewens van die Deelnemers en hul Gesinne (N = 50)*

Veranderlike	Klassifikasie	Frekwensie	%
Gesinsamestelling	Enkelouer gesin	13	26
	Twee-ouer gesin	27	54
	Uitgebreide gesin	10	20
Huwelikstatus	Getroud	29	58
	Ongetroud	21	42
Derde party inwoners	Ja	10	20
	Nee	40	80
Opvoedkundige kwalifikasie	Geen skolastiese opleiding	1	2
	Primêre opleiding	14	28
	Sekondêre opleiding	33	66
	Tersiêre opleiding	2	4
Werkstatus	Tuisteskepper	29	58
	Werksaam	21	42
Inkomste per maand	R 0 – R500	4	8
	R500 – R1000	7	14
	R1000 – R2500	21	42
	R2500 – R5000	8	16
	R5000 en meer	10	20

4.6 MEETINSTRUMENTE

'n Biografiese vraelys is ontwikkel om inligting oor huistaal, huwelikstaat, duur van huwelik, gesinsamestelling, opleidingsvlak en beroep van die deelnemer in te samel (vergelyk Bylae B). Vrae in verband met die adolessent wat middels misbruik is ook gevra, naamlik of die middelmisbruik steeds plaasvind, hoe lank die middelmisbruik al duur of geduur het, en wanneer ouer(s) daarvan bewus geword het. Hierdie vraelys het ook 'n oop-einde vraag bevat wat ontwerp is om kwalitatiewe inligting te bekom aangaande die kwaliteite, veranderlikes, hulpbronne, faktore of kenmerke wat die deelnemer aan die gesin toeskryf wat gehelp het met die hantering van die krisis. Elke deelnemer moes op die volgende vraag reageer: "In u eie woorde, hoe het julle gesin daarin geslaag om die middelmisbruik te hanteer en daarby aan te pas?" Verder is daar van elke deelnemer verwag om sewe self-voltooiingsvraelyste in te vul (vergelyk Bylae C). Alle vraelyste was in Afrikaans en Engels beskikbaar en is al voorheen in verskeie Suid-Afrikaanse studies gebruik (Greeff & De Villiers, 2008; Greeff & Van der Walt, 2010; Greeff & Wentworth, 2009), wat die geldigheid en betroubaarheid daarvan verhoog. Hierdie vraelyste word vervolgens bespreek.

4.6.1 Family Attachment and Changeability Index 8 (FACI8)

Die FACI8 is deur McCubbin, Thompson en Elver (1995) ontwikkel en meet gesinsaanpassing, die afhanklike veranderlike in hierdie studie. Alle metings van die onafhanklike veranderlikes is hiermee gekorreleer om te bepaal of hulle as veerkragtigheidsfaktore geïdentifiseer kan word. Die FACI8 bestaan uit 16 items met twee subskale wat gesinsgehegtheid en gesinsveranderlikheid afsonderlik meet. Vrae word deur middel van 'n ses-punt Lickert-skaal beantwoord wat wissel tussen "nooit" tot "nie van toepassing". Die gehegheidssubskaal het 'n interne betroubaarheidskoeffisiënt (Cronbach alfa) van .73, terwyl die veranderlikheidssubskaal se interne betroubaarheid (Cronbach alfa) .80 is

(McCubbin et al., 1996). In hierdie studie is 'n interne betroubaarheid (Cronbach alfa) van .66 vir die gehegheidssubskaal, en .67 vir die veranderlikheidssubskaal verkry.

4.6.2 Family Hardiness Index (FHI)

Die FHI meet die interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid, wat as gesinsgehardheid bekend staan. Gesinsgehardheid word verder deur 'n gevoel van beheer oor die uitkomst van verskeie lewensgebeurtenisse en teenspoed gekenmerk. Gehardheid behels 'n uitkyk op verandering as voordelig, en word as 'n aktiewe oriëntasie om aan te pas en stres te hanteer, eerder as om net passief te wees, gesien. Die skaal bestaan uit 20 items wat die gesin se reaksie op 'n stressor meet en is in drie subskale verdeel, naamlik verbintenis, uitdaging en beheer. Vrae word op 'n vyf-punt Lickert-skaal wat wissel van “vals” tot “nie van toepassing” beantwoord. Die verbintenissubskaal meet die gesin se gevoel van afhanklikheid, hul innerlike sterktes, en hul vermoë om saam te werk. Die uitdagingssubskaal meet die gesin se bereidheid en pogings om aktief en innoverend op te tree en om deel te neem aan nuwe ervarings en daaruit te leer. Die beheersubskaal meet die gesin se persepsie van in beheer wees van hul gesinslewe, met ander woorde hul interne lokus van beheer (McCubbin et al., 1996).

Hierdie meetinstrument, ontwikkel deur McCubbin, McCubbin en Thompson (1986), het 'n interne betroubaarheid van .82 (Cronbach alfa) vir die totale skaal. Die skaal het geldigheidskoeffisiënte van tussen .20 en .23 met gesinstevredenheid, tyd en roetines, en buigsamheid (McCubbin et al., 1996). Die interne betroubaarheid (Cronbach alfa) van die totale FHI in hierdie studie is .61.

4.6.3 Social Support Index (SSI)

Die SSI is deur McCubbin, Patterson en Glynn (1982) ontwikkel en meet die mate waartoe gesinne in die gemeenskap geïntegreer is en ondersteuning in hul gemeenskap vind. Die skaal bepaal of die gesin die gemeenskap as 'n bron van sosiale, emosionele, en vertrouensondersteuning sien. Die SSI bestaan uit 17 items en word op 'n vyf-punt Lickert-skaal wat strek vanaf “verskil sterk” tot “stem sterk saam” beantwoord. Hierdie meetinstrument het 'n interne betroubaarheid van .82 (Cronbach alfa) en 'n geldigheidskoëffisiënt van .40 (McCubbin et al., 1996). 'n Betroubaarheidsontleding in hierdie studie het 'n interne betroubaarheid van .83 getoon.

4.6.4 Family Crisis Oriented Personal Evaluation Scales (F-COPES)

Die F-COPES is deur McCubbin, Olson en Larson (1981) ontwikkel om probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin te identifiseer deur die interne en eksterne hanteringstrategieë van die gesin te evalueer. Interne hanteringstrategieë verwys na daardie strategieë wat gebaseer is op die hulpbronne wat tussen gesinslede, of binne die gesinsisteem bestaan. Eksterne hanteringstrategieë is daardie pogings wat die gesin aanwend om hulpbronne buite die gesinseenheid te bekom.

Die F-COPES is 'n vyf-punt Lickert-tipe skaal wat wissel van “verskil sterk” tot “stem sterk saam”. Die instrument bestaan uit 30 items ten opsigte van hanteringsgedrag en bestaan uit vyf subskale wat as intern of ekstern gekategoriseer word. Herformulering (om die situasie meer betekenisvol en hanteerbaar te maak) (Cronbach alfa = .64) en passiewe waardering (die passiewe aanvaarding van die situasie sonder om enige iets daaraan te doen) (Cronbach alfa = .66) val binne die interne hanteringstrategieë, terwyl die eksterne hanteringstrategieë bestaan uit verkryging van sosiale ondersteuning (gesin se vermoë om ondersteuning vanaf vriende, familie, en bure te verkry) (Cronbach alfa = .74, .86, en .79, afsonderlik), soeke na spirituele

ondersteuning (daarvoor te soek en dit te gebruik) (Cronbach alfa = .87), en mobilisering van gesin om hulp te verkry en te aanvaar (Cronbach alfa = .70). 'n Hoë totaalstelling op die F-COPES dui daarop dat die gesin 'n verskeidenheid van hanteringstrategieë tot hul beskikking het. F-COPES se interne betroubaarheidskoëffisiënt vir die totale skaal is .77 (Cronbach alfa) (McCubbin et al., 1996). In hierdie studie is vir die F-COPES 'n interne betroubaarheid (Cronbach alfa) van .77 op die herformulering-subskaal bereken, .58 op die passiewe waardering-subskaal, .82 op die sosiale ondersteuning-subskaal, .61 op die spirituele ondersteuning-subskaal, en .76 op die subskaal vir die mobilisering van gesin om hulp te verkry en te aanvaar.

4.6.5 Family Problem Solving Communication (FPSC)

Die FPSC evalueer die positiewe en negatiewe patrone van gesinskommunikasie gedurende krisissituasies. Die aanname is dat die kwaliteit van kommunikasie binne die gesin, 'n goeie aanduiding gee van die mate waartoe gesinne stres hanteer en 'n aanvaarbare vlak van gesinsfunksionering en aanpassing bereik. Hierdie meetinstrument, ontwikkel deur McCubbin, McCubbin en Thompson (1988), bestaan uit 10 items en twee subskale naamlik, opruiende kommunikasie, en bevestigende kommunikasie. Opruiende kommunikasie verwys na 'n patroon van gesinskommunikasie wat uitlokkend is en neig om 'n stresvolle situasie te intensifiseer. Bevestigende kommunikasie verwys na die tipe kommunikasie wat ondersteunend is en 'n kalmerende invloed op 'n stresvolle situasie het (McCubbin et al., 1996). Elke item word op 'n vier-punt Lickert-skaal beoordeel en strek vanaf “vals” tot “waar”. Die FPSC (totale skaal) het 'n interne betroubaarheid van .89 (Cronbach alfa) (McCubbin et al., 1996). Die interne betroubaarheid (Cronbach alfa) vir die totale skaal in hierdie studie is .60.

4.6.6 Relative and Friend Support Index (RFS)

Die RFS meet die mate waartoe gesinne die ondersteuning van vriende en familieledede gebruik wanneer hulle wel in 'n krisis verkeer. Die RFS, ontwikkel deur McCubbin, Olsen en Larsen (1981), bestaan uit agt items en maak gebruik van 'n vyf-punt Lickert-skaal wat vanaf “verskil sterk” tot “stem sterk saam” strek. Vrae is so ontwerp om verband te hou met advies vra van vriende en familieledede, of die deel van probleme. Die skaal se interne betroubaarheid is .82 (Cronbach alfa) en het 'n geldigheidskoeffisiënt (korrelasie met die oorspronklike *Family Crisis Oriented Personal Evaluation Scales (F-COPES)*) van .99 (McCubbin et al., 1996). Die interne betroubaarheid (Cronbach alfa) van die RFS bereken vir hierdie studie is .79.

4.6.7 Family Time and Routine Index (FTRI)

Die FTRI evalueer die tipe van aktiwiteite en roetines wat deur gesinne gebruik en gehandhaaf word asook die belangrikheid daarvan vir die gesin. Laasgenoemde evaluasie is waardevol, aangesien die tyd wat gesinne saam spandeer en die roetines wat hulle aanneem, 'n relatiewe betroubare aanduiding is van gesinstabiliteit en gesinsintegrasie, wat belangrik is vir hoe gesinne normale probleme en gesinskrisisse hanteer (McCubbin et al., 1996). Hierdie meetinstrument is deur McCubbin et al. (1986) ontwikkel en bestaan uit 30 items met agt subskale, vir die meet van saamwees van ouer-kind, saamwees as paartjie, roetines met die kind, saamwees as gesin, huishoudelike take van die gesin, maaltye saam, verbinding met familieledede en roetines van gesinsbestuur. Die FTRI is 'n Lickert-tipe skaal wat beide die mate van gedrag en die belangrikheid van daardie gedrag meet. Die interne betroubaarheid van die FTRI (totale skaal) is .88 (Cronbach alfa), met geldigheidskoeffisiënte wat strek tussen .24 en .34 met betrekking tot gesinsgehegtheid, gesinstevredenheid, huwelikstevredenheid, gesinsvieringe, en gesinskohesie (McCubbin et al., 1996). In hierdie

studie is betroubaarheidskoeffisiënte (Cronbach alfa) van .91 vir die totale gesinsroetine-skaal, en .87 vir die belangrikheid van roetines (totale skaal) gevind.

4.7 PROSEDURE

4.7.1 Data-insameling

Nadat toestemming by al drie instansies verkry is om met die navorsingsprojek voort te gaan, is ouers deur SANRA en ACVV Paarl-Vallei se maatskaplike werkers en die hoof-ouderling by VGK Eersterivier-Suid, oor die studie ingelig. 'n Ouer wat belanggestel het om aan die studie deel te neem, is versoek om 'n ingeligte toestemmingsvorm te teken (vergelyk Bylae A). Daarna het die navorser gereël om 'n onderhoud met die ouer te voer op 'n plek en tyd wat die deelnemer sou pas. Van die ouers het verkies dat die navorser na hul huise toe kom, terwyl ander verkies het dat die navorser hulle by die organisasie waar hulle ingeskakel is vir ondersteuningsdienste ontmoet.

Elke deelnemer is gevra om die vraelyste in die teenwoordigheid van die navorser te voltooi en ook die kwalitatiewe vraag te beantwoord wat hulle op die biografiese vraelys kon neerskryf. Indien 'n deelnemer dit moeilik gevind het om 'n vraelys te voltooi, het die navorser die vraag geles en aan die deelnemer verduidelik en sodoende die opvoedkundige vlak van die deelnemer in ag geneem.

Die biografiese vraelys is eers tesame met die kwalitatiewe vraag voltooi. Om waardevolle inligting en 'n ryk vertelling oor die onderwerp te kry, is 'n oop-einde vraag gestel en is daar van verdere verkenning gebruik gemaak. Die oop-einde vraag was soos volg: "In u eie woorde, hoe het julle gesin daarin geslaag om die middelmisbruik te hanteer en daarby aan te pas?" Indien die navorser van mening was dat die geskrewe antwoorde nie breedvoerig genoeg beantwoord was nie, is aanmoedigingsvrae aan die deelnemer gestel. Alhoewel 'n

bandopnemer nie gebruik is nie, het die navorser aantekeninge gemaak op grond van die deelnemers se response. Daarna is die kwantitatiewe vraelyste voltooi. Die vraelyste, insluitend die biografiese vraelys, is so ontwerp dat elke deelnemer dit op haar eie kon voltooi, maar die meeste deelnemers het verkies dat die vrae aan hulle voorgelees word en dan het hulle verbaal daarop gereageer, terwyl die navorser hul antwoorde afgemerk het. Die implikasies van hierdie prosedure word in hoofstuk 6 (Bespreking) bespreek.

Afhangende van die deelnemer het die data-insamelingsproses ongeveer 45 minute tot 90 minute geduur, met die meerderheid van die onderhoude wat ongeveer 1 uur geduur het. Die meerderheid van die deelnemers wou ten tyde van die onderhoud eers oor hul ervaringe met hul kinders wat middels misbruik gesels, maar die inhoud van hierdie gesprek is nie opgeteken nie, aangesien dit nie deel uitgemaak het van die navorsingsvraag nie. Deelnemers is bedank vir hul deelname en is met 'n koopbewys van R30 vergoed.

4.7.2 Etiese beginsels

Dit is noodsaaklik dat navorsers hul etiese verantwoordelikhede verstaan, respekteer en na kom (Graziano & Raulin, 2010). Die navorser het die volgende etiese oorwegings in ag geneem: die navorsingsvoorstel is eers in die Departement Sielkunde goedgekeur. Daarna is etiese klaring vanaf die Etiese Komitee van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe verkry. Nadat toestemming vanaf SANRA en ACVV Paarl-Vallei se maatskaplike werkers, en die hoof-ouderling by VGK Eersterivier-Suid verkry is, is ouers rakende die studie ingelig. Elke persoon wat belanggestel het om aan die studie deel te neem moes 'n ingeligte toestemmingsvorm teken (vergelyk Bylae A).

Met die onderhoud is die volgende beginsels rakende die studie aan elke deelnemer beklemtoon: outonomieit – dit inkorporeer die idee dat individue 'n vrye keuse het om te

besluit of hulle deel wil wees van die navorsing of nie (Bless et al., 2006). Dit was belangrik om die beginsel oor te dra sodat deelnemers nie gedwing sou voel om deel te neem nie. Dit het ook by die selfbeskikkingsreg van die deelnemer aangesluit waar ingeligte toestemming 'n rol speel. Volgens Bless et al. (2006) het deelnemers die reg om te weet waarom die navorsing gaan, hoe dit hulle sal affekteer, die risiko's en voordele, sowel as die feit dat hulle die reg het om te weier om deel te neem, indien hulle dit sou verkies. Daar is ook beklemtoon dat indien die deelnemer aan die studie sou wou deelneem, sy te eniger tyd sonder enige nadelige gevolge daaraan kon ontrek. Die deelnemers is ingelig dat alle inligting vertroulik hanteer word, dat die inligting anoniem sou bly en nie beskikbaar aan enige persoon behalwe die navorser en studieleier gestel sou word nie. Om deelnemers se identiteit geheim te hou, is geen name by antwoorde geskryf nie.

Inligting verskaf deur die deelnemers, veral persoonlike en sensitiewe inligting, is beskerm en nie aan enige persoon behalwe die navorser en studieleier beskikbaar gestel nie. Dit was belangrik dat die navorser data vanaf die ouers ten alle tye onder veilige bewaring in 'n geslote kabinet gehou het – ten minste totdat die studie afgehandel is – en statistiese data is met 'n wagwoord op 'n rekenaar bewaar sodat geen ongematigde persoon toegang daartoe kon verkry nie. Alle data is daarna aan die studieleier gegee wat dit vir 'n tydperk van vyf jaar in veilige bewaring sal hou. Deelnemers is ook ingelig dat daar vergoeding vir hul deelname sou wees.

Gegee die sensitiewe onderwerp wat ondersoek is, kon deelnemers dalk sterk emosies ten tyde van of na afloop van die ondersoek ervaar. Deelnemers se persoonlike veiligheid is verseker deur voorsiening wat SANRA en ACVV Paarl-Vallei se maatskaplike werkers, en die hoof-ouderling van VGK Eersterivier-Suid gemaak het om die emosionele ervarings met

hulle deur te werk en ondersteuning te bied. Daar was egter geen deelnemers wat aangedui het dat hulle voel hulle steun nodig het nie.

4.7.3 Kodering van data

Na afloop van die data-insamelingsproses is alle vraelyste nagegaan om te bepaal of dit volledig voltooi is. Antwoorde op die biografiese vraelys het 'n numeriese waarde ontvang om data-ontleding gedurende die statistiese ontledings te vergemaklik. Response op die kwantitatiewe vraelyste is op 'n Microsoft Excel data-lêer ingetik sodat statistiese ontledings gedoen kon word.

4.8 DATA-ONTLEDING

Beskrywende statistiek is vir die ontleding van die kwantitatiewe data gebruik. Volgens Graziano en Raulin (2010) word beskrywende statistiek gebruik om groot hoeveelhede data op te som, te vereenvoudig, en te beskryf. Die kwalitatiewe data is deur die identifisering van temas ontleed.

Kwantitatiewe data is met behulp van die statistiek sagteware program Statistica (Statsoft Incorporated, 2011) ontleed. Pearson produk-moment korrelasies is bereken om te bepaal watter onafhanklike veranderlikes (gesinsfaktore) met die afhanklike veranderlike (gesinsaanpassing) verband hou. 'n Beste substel regressie-ontleding is gedoen om die liniêre kombinasie van gesinskenmerke (voorspellers) wat maksimaal met gesinsaanpassing (uitkomsveranderlike) korreleer, te bepaal.

Tematiese ontleding is 'n metode vir die identifisering, ontleding en verslaggewing van patrone of temas binne kwalitatiewe data. Hiermee word data wat ryk in besonderhede is georganiseer en beskryf (Braun & Clarke, 2006). Die kwalitatiewe antwoorde op die oop-

einde vraag wat neergeskryf is, is op 'n rekenaar getik en gestoor wat deur 'n wagwoord beskerm is. Van die antwoorde wat in Engels was, is deur die navorser in Afrikaans vertaal.

Die kwalitatiewe data is verskeie kere deur die navorser deurgelees en die verskillende stellings is volgens hul inhoud geëtiketteer en gekategoriseer. Soortgelyke kategorieë is saam gegroepeer om te verseker dat die kategorieë nie met mekaar oorvleuel nie. Die kwalitatiewe data is dus gekodeer en ontleed deur middel van 'n interaktiewe inhoudontledingsproses van datareduksie, datavoorstelling en gevolgtrekkings maak. Met ander woorde, nadat datareduksie plaasgevind het, is dit verminder na 'n datastel wat faktore verteenwoordig wat bydra tot gesinsveerkragtigheid. Die gekodeerde data is dus gegroepeer binne hoofemas wat na vore gekom het.

4.9 SAMEVATTING

Al die deelnemers is in die Wes-Kaap woonagtig en die meerderheid van hulle is vanuit dieselfde sosio-ekonomiese omstandighede afkomstig, soos in die biografiese gegewens aangetoon. Die studie het gepoog om binne die Suid-Afrikaanse konteks kenmerke wat geassosieer kan word met veerkragtigheid in gesinne waar 'n adolessent 'n middelmisbruiker is te identifiseer. Dit is gedoen deur 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes te volg waar data met behulp van self-voltooiingsvraelyste en 'n oop-einde vraag ingesamel is. Die Family Attachment Changeability Index 8 (FACI8) is gebruik om die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing, te meet, terwyl die ander gemete veranderlikes as onafhanklike veranderlikes gedien het. Pearson produk-moment korrelasies en regressie-ontleding is gebruik om die kwantitatiewe data te ontleed terwyl die kwalitatiewe data met behulp van tematiese ontleding ontleed is. Die resultate word in die volgende hoofstuk gerapporteer.

HOOFSTUK 5

RESULTATE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word resultate rakende faktore wat verband hou met gesinsveerkragtigheid in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker uiteengesit. Eerstens word die statistiese beduidende Pearson produk-moment korrelasie-koëffisiënte gerapporteer – die onafhanklike veranderlikes wat statisties beduidend korreleer met gesinsaanpassing. Vervolgens word 'n samevatting van 'n regressie-ontleding wat aandui watter kombinasie van onafhanklike veranderlikes die beste bydra tot veranderinge in die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing, uiteengesit. Resultate word as statisties beduidend gesien by 'n 5% waarskynlikheidsvlak ($p \leq .05$). Laastens word die resultate van die kwalitatiewe data-ontleding aangetoon. Dit bestaan uit die temas soos van die tematiese-ontleding van die response op die oop-einde vraag verkry.

5.2 KWANTITATIEWE RESULTATE

Pearson produk-moment korrelasies is bereken tussen die gemete veranderlikes en die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing (FACI8). Die Pearson produk-moment korrelasie-koëffisiënte, sowel as die berekende p-waardes word in Tabel 5.1 aangedui.

Tabel 5.1

Pearson Produk-Moment Korrelasie tussen Moontlike Veerkragtigheidsveranderlikes en Gesinsaanpassing (FACI8) (N = 50)

Veranderlikes	r	p
Die mate waartoe gesinne in die gemeenskap geïntegreer is en ondersteuning in hul gemeenskap vind (<i>Social Support Index: SSI</i>)	0.34	0.02*
Die mate waartoe gesinne die ondersteuning van vriende en familielede gebruik as hulle wel in 'n krisis verkeer (<i>Relative and Friend Support Index: RFS</i>)	0.24	0.09**
Algehele patrone van gesinskommunikasie (positiewe en negatiewe) in verband met die gesin se hanteringsvermoë (<i>Family Problem Solving Communication Index: FPSC Totaaltelling</i>)	0.51	0.00*
Positiewe kommunikasiepatrone (<i>FPSC: Ondersteunende kommunikasie</i>)	0.50	0.00*
Negatiewe kommunikasiepatrone (<i>FPSC: Opruiende kommunikasie</i>)	-0.36	0.01*
Interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid (gesinsgehardheid) (<i>Family Hardiness Index: FHI Totaaltelling</i>)	0.45	0.00*
Vermoë om saam te werk en die gesin se sin vir interne sterkte (<i>FHI: Verbintenis</i>)	0.50	0.00*
Positiewe herberaming, vermoë om te leer (<i>FHI: Uitdagings</i>)	0.26	0.07**
Interne lokus van beheer (<i>FHI: Beheer</i>)	0.26	0.07**
Probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin gedurende krisisse (<i>Family Crises Oriented Personal Evaluation Scale: F-COPES Totaaltelling</i>)	0.40	0.00*
Vermoë om aktief sosiale ondersteuning te soek (<i>F-COPES: Sosiale ondersteuning</i>)	0.29	0.04*
Vermoë om negatiewe situasies op 'n positiewe manier te herdefinieer (<i>F-COPES: Herformulering</i>)	0.18	0.21

Tabel 5.1 (vervolg).

Veranderlikes	r	p
Vermoë om aktief spirituele ondersteuning te soek (<i>F-COPES: Spirituele ondersteuning</i>)	0.27	0.06**
Vermoë om hulp te verkry en te aanvaar (<i>F-COPES: Mobilisering van gesin</i>)	0.18	0.21
Vermoë om problematiese kwessies passief te aanvaar en reaktiwiteit te minimaliseer (<i>F-COPES: Passiewe waardering</i>)	0.14	0.32
Aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesin en die belangrikheid daarvan vir die gesin (<i>Family Time & Routine Index: FTRI Roetines in gesin, Totaaltelling</i>)	0.45	0.00*
Die waarde van aktiwiteite en roetines wat die gesin gebruik en handhaaf (<i>FTRI: Belangrikheid vir gesin, Totaaltelling</i>)	-0.11	0.46
Roetines om outonomieit en orde in kinders en tieners te verhoog (<i>FTRI: Kind roetines</i>)	0.21	0.17
Roetines om kommunikasie tussen paartjies te verhoog (<i>FTRI: Paartjie saamwees</i>)	0.28	0.05*
Roetines om saamwees te verhoog deur gesinsmaaltye (<i>FTRI: Maaltye saam</i>)	0.28	0.05*
Roetines om kommunikasiepatrone tussen ouers en kinders te verhoog (<i>FTRI: Ouer-kind saamwees</i>)	0.35	0.02*
Spesiale gebeurtenisse en gesinstyd (<i>FTRI: Gesin saamwees</i>)	0.31	0.03*
Roetines om betekenisvolle konneksies tussen gesin en familie te verhoog (<i>FTRI: Familielede verbinding</i>)	0.38	0.01*
Roetines om tiener en kind verantwoordelikheid in die huishouding te verhoog (<i>FTRI: Gesin huishoudelike take</i>)	0.46	0.00*
Roetines om orde in die huishouding te handhaaf (<i>FTRI: Gesinsbestuur roetines</i>)	0.30	0.03*

Nota. * $p \leq 0.05$

**p is nie statisties beduidend nie, maar daar is 'n sterk neiging na 'n beduidende verwantskap tussen veranderlikes.

Volgens die resultate in Tabel 5.1 is 16 van die 25 berekende korrelasies statisties beduidend ($p \leq .05$). Met die uitsondering van een was al die beduidende korrelasies positief (korrelasies tussen gesinsaanpassing en die volgende veranderlikes: die mate waartoe gesinne geïntegreer is in die gemeenskap en ondersteuning in hul gemeenskap vind, algehele patrone van gesinskommunikasie, ondersteunende kommunikasie, interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid (gesinsgehardheid), vermoë om saam te werk en die gesin se sin vir interne sterkte, probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin ten tyde van krisis, vermoë om aktief sosiale ondersteuning te soek, aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne, en die belangrikheid daarvan vir die gesin, roetines om kommunikasie tussen paartjies te verhoog, roetines om saamwees te verhoog deur gesinsmaaltye, roetines om kommunikasiepatrone tussen ouers en kinders te verhoog, spesiale gebeurtenisse en gesinstyd, roetines om betekenisvolle konneksies tussen familieledede te verhoog, roetines om tiener en kind verantwoordelikheid in die huishouding te verhoog, en roetines om orde in die huishouding te handhaaf), terwyl slegs een negatief gekorreleer het (korrelasie tussen gesinsaanpassing en opruiende kommunikasie).


5.2.1 Verspreidingsdiagramme

’n Verspreidingsdiagram dui die verhouding aan tussen twee veranderlikes deur data-punte op ’n twee-dimensionele grafiek te vertoon. Die onafhanklike veranderlikes (veerkragtigheidsveranderlikes) word op die X-as aangedui, terwyl die afhanklike veranderlike (gesinsaanpassing) op die Y-as aangedui word. ’n Korrelasie tussen die veranderlikes veroorsaak ’n groepering van data-punte langs ’n lyn wat bekend staan as ’n regressielyn (Graziano & Raulin, 2000).

Soos voorheen aangedui, is Pearson produk-moment korrelasie-koëffisiënte bereken om te bepaal watter onafhanklike veranderlikes met gesinsaanpassing geassosieer is. In die

verspreidingsdiagramme (vergelyk die diagramme hieronder) word slegs die vyf statisties mees beduidende resultate voorgestel.


In Figuur 5.1 word die korrelasie tussen gesinsaanpassing en ondersteunende kommunikasie aangetoon.



Figuur 5.1. Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en ondersteunende patrone van kommunikasie soos gemeet met die Family Problem-Solving and Coping (FPSC) skaal.

Soos aangetoon in Figuur 5.1 bestaan daar 'n beduidende sterk positiewe korrelasie ($r = 0.50$, $p \leq 0.05$) tussen gesinsaanpassing en ondersteunende kommunikasiepatrone.

In Figuur 5.2 word die korrelasie tussen gesinsaanpassing en opruiende patrone van kommunikasie aangetoon.




Figuur 5.2. Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en opvuiende patrone van kommunikasie soos met die Family Problem-Solving and Coping (FPSC) skaal gemeet.

Figuur 5.2 illustreer dat daar 'n beduidende negatiewe korrelasie ($r = -0.36$, $p \leq 0.05$) tussen gesinsaanpassing en opvuiende patrone van kommunikasie is.

Dit is duidelik vanuit Figure 5.1 en 5.2 dat bogenoemde statisties beduidende korrelasies die belangrikheid van die kwaliteit van kommunikasie in gesinne onderstreep. Die resultate dui aan dat die vlak van gesinsaanpassing beter is hoe hoër die ondersteunende patrone van kommunikasie in die gesinseenheid; en dat die vlak van gesinsaanpassing laer is hoe meer opvuiende patrone van kommunikasie daar in die gesin teenwoordig is.


In die volgende figuur word die korrelasie tussen gesinsaanpassing en gesinsgehardheid soos gemeet met die Family Hardiness Index (FHI) aangetoon.



Figuur 5.3. Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en gesinsgehardheid soos met die Family Hardiness Index (FHI: Totaaltelling) gemeet.

Volgens Figuur 5.3 bestaan daar 'n redelike sterk positiewe korrelasie ($r = 0.45$, $p \leq 0.05$) tussen gesinsaanpassing en gesinsgehardheid. Hierdie beduidende korrelasie beklemtoon die belangrikheid van die gesin se interne sterkpunte en deugdelikheid vir gesinsaanpassing. Dit is duidelik dat die gesin se vlak van aanpassing met die gesin se vermoë om saam te werk en die gesin se sin vir interne sterkte verband hou.


Die volgende figuur toon die korrelasie tussen gesinsaanpassing en probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin tydens krisisse soos met die F-COPES (Totaaltelling) gemeet.



Figuur 5.4. Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en probleemoplossings- en gedragstrategieë van die gesin tydens krisis soos met die Family Crises Oriented Personal Evaluation Scale (F-COPES: Totaaltelling) gemeet.

Figuur 5.4 toon 'n beduidende positiewe korrelasie ($r = 0.40$, $p \leq 0.05$) tussen die vlak van gesinsaanpassing en die gesin se mate van probleemoplossings- en gedragstrategieë wat die gesin tydens krisis gebruik. Met ander woorde, die gebruik en beskikbaarheid van probleemoplossings- en gedragstrategieë tydens krisis hou verband met die gesin se vlak van aanpassing.

Die laaste figuur toon 'n positiewe korrelasie tussen gesinsaanpassing en aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf in die gesin, soos met die Family Time & Routine Index (FTRI Totaaltelling) verkry.



Figuur 5.5. Korrelasie tussen gesinsaanpassing (FACI8) en die gebruik en handhawing van verskillende roetines (Family Time & Routine Index [FTRI: Totaaltelling]).

Soos gesien in Figuur 5.5 bestaan daar 'n relatiewe sterk positiewe korrelasie ($r = 0.45$, $p \leq 0.05$) tussen die gesin se vlak van aanpassing en die aktiwiteite en roetines wat die gesin gebruik en handhaaf.

5.2.2 Regressie-ontleding

Vervolgens word 'n samevatting van 'n regressie-ontleding gerapporteer, wat aandui watter kombinasie van onafhanklike veranderlikes die meeste tot veranderinge in die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing bydra. 'n Beste substel regressie-ontleding is gedoen om die liniêre kombinasie van gesinskenmerke (voorspellers) wat maksimaal met gesinsaanpassing

(uitkomsveranderlike) korreleer, te bepaal. Die resultate is opgesom en word aangedui in Tabel 5.2.

Tabel 5.2

Resultate van die Beste Substel Regressie-ontleding (N = 50)

Veranderlike	b*	t(42)	p
Aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne (FTRI gesin, Totaaltelling)	0.113	3.018	0.004
Die belangrikheid van aktiwiteite en roetines vir die gesin (FTRI belangrikheid, Totaaltelling)	-0.097	-1.549	0.129
Interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid (FHI Totaaltelling)	0.103	1.314	0.196
Herdefinieer negatiewe situasies op 'n positiewe manier (F-COPES Herformulering)	0.184	1.624	0.112
Passiewe aanvaarding van problematiese kwessies om reaktiwiteit te minimaliseer (F-COPES Passiewe waardering)	0.364	2.348	0.024
Algehele patrone van gesinskommunikasie (positiewe en negatiewe) in verband met die gesin se hanteringsvermoë (FPSC Totaaltelling)	0.301	2.297	0.027

Soos aangedui in Tabel 5.2 sluit die kombinasie van onafhanklike veranderlikes wat die beste bydra tot die afhanklike veranderlike, naamlik gesinsaanpassing, die volgende in: aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne, die belangrikheid van aktiwiteite en roetines vir die gesin, interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid (gesinsgehardheid), vermoë om negatiewe situasies op 'n positiewe manier te herdefinieer, vermoë om problematiese kwessies passief te aanvaar en sodoende reaktiwiteit te minimaliseer, en

algehele patrone van gesinskommunikasie (positiewe en negatiewe) in verband met die gesin se probleemhanteringsvermoë. Vanuit die resultate is dit ook duidelik dat aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne (soos gemeet met die FTRI), as die mees beduidende bydraer ($p = 0.004$) tot die variansie in gesinsaanpassing gevind is. Daar kan ook opgemerk word dat die belangrikheid van aktiwiteite en roetines vir die gesin 'n negatiewe impak het op gesinsaanpassing. Dus, hoe belangriker aktiwiteite en roetines vir die gesin is, hoe kleiner is die gesin se vermoë tot aanpassing. Wat egter belangrik is in hierdie spesifieke geval, is dat die ooreenstemmende p -waarde nie beduidend was nie ($p > .05$).

Die beste substel verkry vanuit die regressie-ontleding het 'n R -waarde van .71 [$F(6, 42) = 7.03, p < .01$]. Daar bestaan dus 'n sterk positiewe korrelasie tussen die ware FACI8-tellings en die berekende FACI8-tellings soos deur die onafhanklike veranderlikes gelys in Tabel 5.2. voorspel. Verder is 'n R^2 -waarde van .50 verkry wat aandui dat die ses geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes verantwoordelik is vir ongeveer 50% van die variansie in die gesinsaanpassing-veranderlike (gemeet met FACI8). Die p -waardes gelys in Tabel 5.2 toon aan dat die β -waardes van die onafhanklike veranderlikes, naamlik die FTRI gesin-totaaltellings, F-COPES passiewe waardering-tellings, en FPSC totaaltellings, wat gebruik word om hierdie model te beskryf, beduidend van nul verskil ($p \leq 0.05$). Die beduidende p -waardes beteken dat hierdie drie onafhanklike veranderlikes volgens die datastel wel beduidende bydraes tot gesinsaanpassing lewer. Alhoewel die β -waardes van die onafhanklike veranderlikes gemeet met die FTRI belangrikheidskaal, die volledige FHI skaal, en die F-COPES herformulering-subskaal, nie beduidend van nul verskil nie ($p > .05$), is hulle nietemin ingesluit, aangesien hulle deur die beste substel regressie-ontleding geïdentifiseer is as bydraers tot die variansie in gesinsaanpassing.

5.3 KWALITATIEWE RESULTATE

Ten einde kwalitatiewe data te kry aangaande die kwaliteite, veranderlikes, hulpbronne, faktore of kenmerke wat die deelnemer aan die gesin toeskryf wat met die hantering van die krisis gehelp het, moes deelnemers op die volgende oop-einde vraag reageer: “In u eie woorde, hoe het julle gesin daarin geslaag om die middelmisbruik te hanteer en daarby aan te pas?” Al 50 deelnemers het op die vraag gereageer. Hul response is tematies soos volg ontleed: Die kwalitatiewe data is gekodeer en georganiseer deur middel van ’n herhalende inhoudontledingsproses van data reduksie, data voorstelling, en gevolgtrekkings maak. Die gekodeerde data is dus volgens hooftemas wat na vore gekom het gegroepeer, in ooreenstemming met Walsh (2003) se sleutelprosesse in gesinsveerkragtigheid, soos in hoofstuk 3 bespreek. ’n Samevatting van die geïdentifiseerde temas en die voorkoms daarvan (uitgedruk as frekwensies) word in Tabel 5.3 getoon.

Tabel 5.3*Gesinsveerkratigheidstemas op Grond van 'n Tema-ontledingsproses (N = 50)*

Sleutelprosesse en temas	Frekwensie	%
Geloofsisteme		
Normalisering van die probleem		
Aanvaarding van die probleem en om betekenis en begrip te ontwikkel en die probleem as beheerbaar te sien	4	8
Positiewe houding		
Aanmoediging om die probleem te oorkom en te verander	8	16
Om hoop en 'n positiewe uitkyk te behou	15	30
Aanvaarding van dit wat nie verander kan word nie	1	2
Spirituele of inspirerende konneksies		
Spiritualiteit / religieuse geloofsisteme: geloof, kerk aktiwiteite / 'n verhouding met God, Bybelstudie, en gebedsgroepe	27	54
Inspirering: motivering vir 'n beter toekoms/lewenstyl	7	14
Gesinsorganisasiepatrone		
Buigbaarheid		
Om aan te pas, te verstel, en te verander indien nodig	1	2
Sterk leierskapvaardighede		
Om leiding te bied, reëls en grense neer te lê en daarby te hou	10	20
Kohesie		
Wedersydse ondersteuning binne die gesin	7	14
Gehegtheid, liefde en respek vir mekaar	13	26

Tabel 5.3 (vervolg).

Sleutelprosesse en temas	Frekwensie	%
Sosiale en ekonomiese hulpbronne		
Ondersteuning vanaf uitgebreide familie, vriende, en bure	18	36
Ondersteuning vanuit die gemeenskap (insluitend die kerk gemeenskap en kollegas by die werk)	8	16
Professionele ondersteuning: maatskaplike werkers, beraders, rehabilitasiesentrums	9	18
Finansiële bystand	1	2
Kommunikasie en probleemoplossingsprosesse		
Gesinskommunikasieprosesse		
Duidelike positiewe kommunikasie	16	32
Deel gevoelens met mekaar (ongelukkigheid, hartseer, gelukkigheid, pyn) en simpatiseer met mekaar	4	8
Gesamentlike probleemoplossing		
Gedeelde besluitneming	3	6
Samewerking om oplossings te bekom	5	10
Voorbereiding vir toekomstige uitdagings om toekomstige krisisse te vermy	3	6
Temas wat met die adolessent middelmisbruiker verwant hou		
Aanvaarding van adolessent as steeds deel van die gesin ten spyte van die probleem	13	26

Volgens Tabel 5.2 is spiritualiteit en religieuse geloofsteme (54%), ondersteuning van uitgebreide familie, vriende, of bure (36%), en duidelike positiewe kommunikasie (32%) van die faktore wat die meeste tot gesinsaanpassing bygedra het. Om hoop en 'n positiewe uitkyk

te behou (30%), gehegtheid, liefde en respek vir mekaar, en aanvaarding van die adolessent as deel van die gesin (26% elk) is ook dikwels as veerkragtigheidsfaktore genoem. Sterk leierskapvaardighede (20%), en professionele ondersteuning (18%), was ook van die faktore wat dikwels na vore gekom het en wat volgens die betrokke deelnemers met beter gesinsaanpassing gehelp het. Ander faktore wat minder gemeld is, is ondersteuning vanuit die gemeenskap (16%), wedersydse ondersteuning binne die gesin en motivering vir 'n beter toekoms (14% elk), samewerking om oplossings te bekom (10%), deel van gevoelens en simpatie, aanvaarding van die probleem en om die probleem as beheerbaar te sien (8% elk).

5. 4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate gerapporteer. Volgens die kwantitatiewe resultate kan die volgende as gesinsveerkragtigheidsfaktore beskou word: algehele gesinskommunikasiepatrone, ondersteunende kommunikasie, gesinsgehardheid, vermoë van die gesin om saam te werk, die gevoel dat die gesin oor interne sterktes beskik, die beskikbaarheid en gebruik van probleemoplossings- en gedragstrategieë deur die gesin tydens krisisse, aktiwiteite en roetines wat gebruik en gehandhaaf word en die belangrikheid daarvan vir die gesin, en roetines om die kind se verantwoordelikheid in die huishouding te verhoog.

Volgens die regressie-ontleding was die kombinasie van onafhanklike veranderlikes wat die beste tot gesinsaanpassing bygedra het die volgende: aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne en die belangrikheid daarvan vir die gesin, gesinsgehardheid, die gesin se vermoë om negatiewe situasies op 'n positiewe manier te herdefinieer, die vermoë om problematiese kwessies passief te aanvaar en daarmee reaktiwiteit te minimaliseer, en

algehele patrone van gesinskommunikasie. Die mees beduidende bydraer tot die variansie in gesinsaanpassing was aktiwiteite en roetines gebruik en gehandhaaf deur gesinne.

Die kwalitatiewe resultate dui daarop dat spiritualiteit of geloof, ondersteuning van die uitgebreide familie, vriende, of bure, duidelike positiewe kommunikasie, die behoud van hoop en 'n positiewe uitkyk, en aanvaarding van die adolessent as deel van die gesin, die meeste tot gesinsaanpassing bygedra het.

In die volgende hoofstuk word hierdie resultate behandel met verwysing na teorieë en literatuur wat in hoofstuk 2 en 3 bespreek is. In gevalle waar kwalitatiewe resultate bespreek word, word voorbeelde van deelnemers se response aangedui. Daarna volg 'n kort bespreking rakende beperkinge van hierdie studie, asook aanbevelings vir toekomstige navorsing.

HOOFSTUK 6

BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was om veranderlikes wat geassosieer kan word met veerkragtigheid in gesinne met 'n adolessente kind wat middels misbruik te identifiseer, asook om te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om as 'n gesin te bly funksioneer en deurlopende stressors te hanteer. Gesinsveerkragtigheid bevestig 'n salutogenese benadering deurdat dit erken dat gesinne oor inherente vermoëns en kwaliteite beskik om 'n krisis te hanteer, vanuit 'n krisis kan groei en so konstruktief kan verander (Hawley, 2000; Walsh, 2003).

In hierdie hoofstuk word die resultate van verskeie data-ontledings rakende die faktore wat verband hou met gesinsveerkragtigheid in gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker bespreek. Die hoofstuk sluit af met die navorser se gevolgtrekking, sowel as 'n bespreking van beperkinge van hierdie studie en aanbevelings wat vir toekomstige navorsing gemaak word.

6.2 BESPREKING

6.2.1 Kommunikasie in die gesin

In hierdie studie is daar 'n sterk positiewe korrelasie (vergelyk Tabel 5.1) tussen die vlak van gesinsaanpassing (soos gemeet met die FACI8) en die kwaliteit van gesinskommunikasie (soos gemeet met die FPSC) gevind. Verder is 'n beduidende sterk positiewe korrelasie (vergelyk Tabel 5.1) gevind tussen gesinsaanpassing en ondersteunende kommunikasiepatrone, en 'n beduidende negatiewe korrelasie (vergelyk Tabel 5.1) tussen

gesinsaanpassing en opruiende kommunikasiepatrone met die FACI8 en die relevante subskaal van die FPSC soos gemeet. Die positiewe en negatiewe korrelasies dui daarop dat hoe hoër die ondersteunende patrone van kommunikasie in die gesinseenheid is hoe beter is die vlak van gesinsaanpassing; en hoe meer opruiende kommunikasiepatrone daar in die gesin teenwoordig is, hoe swakker is die vlak van gesinsaanpassing.

Voorafgaande bevinding is in ooreenstemming met Walsh (2003) se Gesinsveerkragtigheidsraamwerk waarvolgens openlike en duidelike kommunikasie en probleemoplossingsprosesse veerkragtigheid versterk deur meer duidelikheid oor krisissituasies te bring, openlike emosionele uitdrukking aan te moedig, en gesamentlike probleemoplossing te bevorder. Dit word ook deur McCubbin et al. (1996) as 'n veerkragtigheidsfaktor geïdentifiseer wat deur gesinne benut word om krisis te hanteer.

Resultate verkry uit die kwalitatiewe data-ontleding (vergelyk Tabel 5.3), ondersteun die kwantitatiewe bevindinge deurdat duidelike positiewe kommunikasie (32%) een van die faktore is wat tot hul gesinsaanpassing bydra en wat die meeste deur deelnemers gerapporteer is. Deelnemers aan hierdie studie het dit onder andere soos volg verwoord: “Ons het gereeld met hom gepraat as hy nugter was ... of kritiseer nie, maar mooi rustig met hom praat oor wat my pla” en “Ons sê altyd vir ons kinders hoe lief ons vir hulle is sodat hulle weet ons stel belang en dat hulle nie verder verlore raak en dink dat ons nie omgee nie en dan net voortgaan om hul eie ding te doen.”

Hierdie bevinding stem ook ooreen met die resultate van die regressie-ontleding (vergelyk Tabel 5.2) waarvolgens die kwaliteit van gesinskommunikasie 'n beduidende bydrae tot gesinsaanpassing lewer. Voorafgaande bevindinge word ondersteun deur Cohen et al. (2002) se navorsing waarvolgens interpersoonlike verhoudings, die vermoë om pynlike gevoelens

met mekaar te deel, buigsaamheid tussen gesinslede, kohesie in die gesin, en gesinswaardes as gesinsveerkragtigheidskenmerke geïdentifiseer is. Hierdie bevindinge wys weereens op die belangrikheid van kommunikasie, gesamentlike besluitneming en gesamentlike probleemoplossing vir gesinne om beter aan te pas. Kommunikasie in die gesin word onder andere ook as een van die belangrikste beskermende faktore aangetoon wat in programme gebruik word om die voorkoming van middelmisbruik te bevorder (Kumpfer & Bluth, 2004).

6.2.2 Gesinsgeloofsisteme

Gesinsgeloofsisteme het 'n sterk invloed op hoe 'n krisis gesien word, lyding ervaar word, en hoe gesinne moontlike opsies kan identifiseer om die krisis te hanteer (Wright et al., aangehaal in Walsh, 2003). Geloofsisteme help gesinslede om sin te maak van teenspoed, om 'n veelbelowende en positiewe uitkyk te fasiliteer, en stel gesinne in staat om inspirasie vanaf hulle spiritualiteit te verkry (Walsh, 2003). McCubbin en McCubbin (1996) maak ook melding van die belangrikheid van gesinsgeloofsisteme en definieer vyf fundamentele vlakke van evaluering ten tyde van 'n gesinskrisis. Een van hierdie evalueringvlakke sluit gesinskemas in wat bestaan uit 'n struktuur van fundamentele oortuigings, waardes, geloofsisteme, en verwagtinge.

Die belangrikste gesinsaanpassingsfaktor wat uit die kwalitatiewe data geïdentifiseer is, is die teenwoordigheid van spirituele of religieuse geloofsisteme (vergelyk Tabel 5.3). Voorbeelde van hoe deelnemers hierdie aspek verwoord het, is: “Eerstens is om te aanvaar dat jou kind dwelms gebruik”; “Ons het nooit moed verloor nie en hou aan met glo”; en “Die beste wat werk is altyd deur te bid”. Hierdie resultaat word gedeeltelik ondersteun deur die bevindinge uit die kwantitatiewe-ontledings deurdat 'n statisties beduidende positiewe korrelasie gevind is tussen die vlak van gesinsaanpassing en die beskikbaarheid en benutting van probleemoplossings- en gedragstrategieë tydens krisis (vergelyk Tabel 5.1).

Baie gesinne vind krag, troos, en leiding te midde van teenspoed deur die beskikbaarheid en gebruik van kulturele en religieuse tradisies (Walsh, 2003). Spirituele hulpbronne, 'n diepgewortelde geloof, rituele en seremonies, die gebruik van gebede en meditasie, en religieuse verbintenisse is almal as faktore wat veerkragtigheid bevorder bevind (Burriss et al., 2011; Mackay, 2003; Piedmont, 2004).

Om hoop en 'n positiewe uitkyk te behou, is ook deur verskeie deelnemers genoem as twee faktore wat hul gesinne help om aan te pas met 'n adolessent wat middels misbruik (vergelyk Tabel 5.3). Volgens Walsh (2003) help hoop mense om bo teenspoed uit te styg. Hoop is 'n toekomsgerigte geloof: ten spyte van hoe troosteloos die hede mag wees, kan 'n beter toekoms voorgestel word. Heelwat navorsing het al die beduidende effek van 'n positiewe uitkyk met die hantering van stres, herstelling na 'n krisis, en die oorkoming van struikelblokke tot sukses, bevestig (Carver et al., 2010; Taylor et al., 2012). So het Mak et al. (2011) bevind dat veerkragtigheid 'n beduidende verwantskap met positiewe kognisies van die self, die wêreld, en die toekoms het. In Mak et al. (2011) se studie het individue met hoër vlakke van veerkragtigheid meer positiewe kognisies en hoër vlakke van lewensvrede en laer vlakke van depressie gerapporteer.

Met ander woorde, die gebruik van probleemoplossings- en gedragstrategieë tydens krisisse hou verband met die gesin se vlak van aanpassing. Die resultate dui daarop dat daardie gesinne wat gebruik maak van spirituele hulpbronne en wat 'n positiewe uitkyk het, beter aanpas as gesinne wat nie voordeel trek uit die benutting en gebruik van hierdie faktore nie. Die resultate van die regressie-ontleding (vergelyk Tabel 5.2) dui ook aan dat die passiewe waardering van 'n krisissituasie tot beter gesinsaanpassing kan lei. Dit dui daarop dat gesinne wat aan hierdie studie deelgeneem het en hul omstandighede aanvaar en probeer het om die beste daarvan te maak, beter aangepas het.

6.2.3 Gesinsorganisasiepatrone

Een van die aspekte om in ag te neem in die aanpassingsfase van die Veerkrachtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) is gesinshulp wat van drie potensiële bronne, naamlik individuele gesinslede, die gesinseenheid, en die gemeenskap, afkomstig is. Hierdie hulp kan op verskeie wyses aangebied word, byvoorbeeld in die vorm van morele ondersteuning.

'n Beduidende positiewe korrelasie is gevind (vergelyk Tabel 5.1) tussen gesinsaanpassing en die gesin se vermoë om aktief sosiale ondersteuning te soek (soos gemeet met die sosiale ondersteuning-subskaal van die F-COPES). Hierdie bevinding ondersteun die kwalitatiewe resultate (vergelyk Tabel 5.3) deurdat ondersteuning vanaf uitgebreide familie, vriende en bure een van die veerkrachtigheidsfaktore is wat die meeste deur die deelnemers genoem is. Deelnemers het dit soos volg gestel: “Die familie het ons almal bygestaan. Die bure en vriende ook. Ons het nie besef hoeveel mense omgee vir ons nie”; en “Ons het die kerk se hulp ingeroep en ondersteuning vanaf die gemeenskap ontvang.”

Volgens die kwantitatiewe ontleding is daar ook 'n beduidende positiewe korrelasie tussen die mate waartoe gesinne in die gemeenskap geïntegreer is en ondersteuning in hul gemeenskap vind (soos gemeet met die SSI) en die gesin se vlak van aanpassing. Alhoewel nie statisties beduidend nie, is daar wel 'n redelike sterk korrelasie gevind tussen die mate waartoe gesinne die ondersteuning van vriende en familielede gebruik as hulle wel in 'n krisis verkeer (soos gemeet met die RFS) en gesinsaanpassing (vergelyk Tabel 5.1). Voorafgaande bevindinge stem ooreen met Bonanno et al. (2007) se bevinding dat die voorkoms van veerkrachtigheid onder andere voorspel word deur 'n verandering in inkomste, sosiale ondersteuning, en die teenwoordigheid van lewenstressors in die verlede.

6.2.4 Gesinsgehardheid en -kohesie

Indien gesinslede nie na mekaar kan draai nie, kan 'n krisis die kohesie in 'n gesin verbreek. Deur wedersydse ondersteuning, samewerking, en toegewydheid om saam te staan teen moeilike tye, word veerkragtigheid versterk. Terselfdertyd moet gesinslede mekaar se individuele verskille, grense, en individualiteit respekteer (Walsh, 2003). Dus is gesinskohesie essensieel vir effektiewe gesinsfunksionering. Hierdie kohesie sluit aan by gesinsgehardheid – die interne sterkpunte en deugdelikheid van die gesinseenheid. Gehardheid behels 'n uitkyk op verandering as voordelig, en word gesien as 'n aktiewe oriëntasie om aan te pas en stres te hanteer, eerder as om net passief te wees. Gehardheid het egter ook betrekking op die gesin se gevoel van afhanklikheid van mekaar, hul innerlike sterktes, en hul vermoë om saam te werk (McCubbin et al., 1996).

'n Redelike sterk statisties beduidende positiewe korrelasie (vergelyk Tabel 5.1) bestaan tussen die gesin se vlak van gesinsaanpassing en gesinsgehardheid (soos gemeet met die FHI). Hierdie korrelasie beklemtoon die belangrikheid van die gesin se interne sterkpunte en deugdelikheid vir gesinsaanpassing. Verder is daar ook 'n beduidende positiewe korrelasie (vergelyk Tabel 5.1) tussen die vlak van gesinsaanpassing en gesinsverbintenis (soos gemeet met die verbintenis-subskaal van die FHI). Dit beteken dat die deelnemende gesinne se vlakke van aanpassing direk verband gehou het met hulle vermoë om saam te werk, sowel as die gesinne se beleving van hul interne sterktes. Hierdie bevindinge word deur die kwalitatiewe resultate ondersteun waarvolgens wedersydse ondersteuning binne die gesin, en gehegtheid, liefde en respek vir mekaar, ook faktore is wat deur deelnemers wat gesinsaanpassing bevorder het vermeld is (vergelyk Tabel 5.3). Tipiese response van deelnemers oor hierdie aspek was soos volg: “Ons het omgee en liefde vir mekaar gewys”;

“Sê altyd vir hom hoe lief ek hom het ongeag sy foute”; en “Toenadering en nie opgegee op my kind nie.”

Voorafgaande resultate stem ooreen met Mackey et al. (2011) se bevindinge dat Tipe 1 diabetes pasiënte wat meer gesinsterktes en -kohesie ervaar het, beter siekte-toestande bestuur het en indirek beter metaboliese beheer gehad het. Die resultate is soortgelyk aan die van Mohatt et al. (2011) wat gesinsverbintenis as ’n kultureel-gebaseerde beskermende faktor teen middelmisbruik geïdentifiseer het. In dieselfde studie het verbintenis ook sterk met beskermende faktore soos kennisies van positiewe betekenis van die lewe en gemeenskapsbetrokkenheid gekorreleer. Fulkerson et al. (2007) het bevind dat om gesinsmaaltye ’n prioriteit te maak en om ’n positiewe maaltyd-omgewing te skep met sielkundige welstand geassosieer kan word, terwyl depressiewe simptome en ongesonde eetgewoontes afgeneem het. Gesinsverbintenis en om tyd saam te spandeer kan dus as ’n beskermende faktor gesien word.

6.3 GEVOLGTREKKING

Etlke statisties beduidende korrelasies tussen gemete veranderlikes en gesinsaanpassing is gevind. Gegee die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie studie beplan en uitgevoer is (McCubbin & McCubbin, 1996), dui dit op gesinsveerkragtigheidsfaktore wat die deelnemende gesinne aan hierdie studie tot ’n mindere of meerdere mate gehelp het om aan te pas by die krisis om ’n adolessente kind wat middels misbruik te hê.

’n Opvallende resultaat vanuit die kwalitatiewe data (vergelyk Tabel 5.4) is dat die meerderheid van die deelnemers religieuse geloofstelsels vermeld het as die faktor wat in hulle gesinne tot beter gesinsaanpassing by die teenwoordigheid van ’n adolessente middelmisbruiker bygedra het. Hiervolgens het geloof in ’n Opperwese betekenis en doelgerigtheid aan die gesin te midde van teenspoed en spanninge gegee. Die meeste gesinne

6.4 BEPERKINGS EN AANBEVELINGS

Die doel van hierdie studie was om faktore wat geassosieer kan word met die aanpassing van gesinne met 'n adolessente middelmisbruiker te identifiseer, asook om te bepaal hoe hierdie gesinne dit regkry om as 'n gesin te bly funksioneer en deurlopende stressors te hanteer. Na afloop van die studie is 'n paar beperkinge geïdentifiseer wat kortliks bespreek word.

'n Groot beperking van die studie is dat slegs een gesinslid die belewenisse en beskouinge van die gesin verteenwoordig het. Hierdie eensydige beoordeling kon die geldigheid van die resultate beïnvloed. Die geldigheid van die resultate sou dus verbeter kon word deur meer as een gesinslid per gesin by die studie te betrek.

Tweedens, was die steekproef relatief klein en is dalk nie verteenwoordigend van die populasie van gesinne wat aan die insluitingskriteria voldoen het nie. Daar word aanbeveel dat toekomstige navorsing van 'n groter steekproef gebruik maak om meer verteenwoordigend van die gedefinieerde populasie te wees. 'n Meer omvattende kwalitatiewe ontleding kan dalk meer of selfs nuwe gesinsveerkragtigheidsfaktore na vore bring.

'n Derde beperking van hierdie studie is die geslag van die deelnemers. Om vir die effek van geslag te kontroleer is slegs ma's aangemoedig om as verteenwoordigers van die gesinne aan die studie deel te neem. Dus is die resultate slegs vanaf 'n vroulike perspektief verkry en neem nie noodwendig die opinies van die ander geslag (die pa's) in ag nie. Toekomstige navorsing sal daarby baat vind indien 'n manlike perspektief ook verkry kan word en geslagsperspektiewe selfs vergelyk sou kon word.

het krag, troos en leiding deur geloof en verbintenis tot hul kulturele en religieuse tradisies gevind (Walsh, 2003). Hierdie bevinding is egter nie deur die kwantitatiewe resultate bevestig nie (vergelyk Tabel 5.1), aangesien daar nie 'n beduidende korrelasie gevind is tussen gesinsaanpassing (soos gemeet met die FACI8) en die vermoë om aktief spirituele ondersteuning te soek nie (soos gemeet met die spirituele ondersteuning-subskaal van die F-COPES).

